# MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS

## - PIETER PIETERSE

**Letterkundeondersteuningskomitee (LOK)**


**Februarie 2009**

Elmarié Gotze, Suzanne Haumann

INHOUDSOPGAWE

1. Agtergrondinligting oor die skrywer
2. Pieterse se oeuvre
3. Opsomming
3.1 Plek
3.2 Karakters
3.3 Tydlyn
3.4 Temas
3.5 Hoofstuk-inhoud
4. Stamboom
5. ONDERWYSERSGIDS
6.. Bronnelys






## 1. Agtergrondinligting oor die skrywer

Pieter Pieterse is gebore in Pietersburg op 9 Junie 1936, as die oudste van vier kinders. Sy ma was die skrywer Emily Pieterse. Hy het skoolgegaan aan die Laerskool Soekmekaar en die Laerskool Daviesville. Die gesin verhuis in 1949 na 'n plaas naby Messina, agter die Soutpansberg. Hy matrikuleer in 1954 aan die Hoërskool Pietersburg, waar hy veral uitgeblink het in gimnastiek en rugby.

Sy kenmerkende selfvoorsienende leefwyse begin toe hy na matriek vir vier jaar in die bos gaan bly, van die veld geleef en sy eerste kortverhale in 1956 gepubliseer het.

Daarna het hy 'n polisieman en later 'n versekeringsverteenwoordiger geword. Hy het egter nooit opgehou skryf nie - sy eerste boek, Smokkelaars in die Nag, verskyn in hierdie tydperk. Na 'n verdere sewe boeke besluit hy in 1974 om sy werk as bemarkingsbestuurder van SANLAM in Belville op te gee sodat hy voltyds kan skryf. Hy verhuis na 'n plaas, Kom tot Rus, in die Noord-Transvaal. In 1979 kry sy swerwersdrang weer die oorhand en hy maak sy woonwa, Die Spookhuis, sy nuwe basis en werkplek. Hy het die manier gehad om vir 'n jaar of twee met Die Spookhuis op ‘n (meestal ongerepte) plek te gaan staan, die natuur en die mense van die plek intiem te leer ken, en dan daaroor te skryf. Van sy staanplekke was die Laeveld, Dasseneiland, Mosambiek, die Kavango, die Skedelkus, die Weskus en die Caprivi. Pieter is een van min Afrikaanse skrywers wat genoeg boeke verkoop het om 'n gemaklike lewe te kan lei. Meer as 'n miljoen boeke is verkoop waarvan hy óf die alleenskrywer was óf waarin van sy werke opgeneem is.

Hy is in die vroeë sestigs met Annatjie getroud. Hulle het vier dogters: Shirley, Madie, Emsie en Annetjie. Pieter en Annatjie is in 1984 geskei. Hy ontmoet sy tweede vrou, Jenny (in sy boeke noem hy haar die "Ingelsman") aan die Kaapse Weskus en hulle is in 1985 getroud.

Pieter is in 2002 wreed vermoor by sy huis in Marlothpark. Op sy rekenaar is die onvoltooide manuskrip van 'n nuwe boek gevind. Manaka se manuskrip was egter reeds voltooi en die redigeringsproses voor dit uitgegee kan word al aan die gang. Manaka word in 2005 gepubliseer en is dus 'n nagelate roman, omdat dit ná die skrywer se dood gepubliseer is. Oor die roman skryf Marietjie Coetzee, Pieterse se suster en uitgewer: "Ek sien in die hoofkarakter, Baas Chipman, Pieter se soeke na sin te midde van on-sin, sy spirituele ontheemding, sy stryd tot die dood toe teen malaria. Ek sien in Grace Malumbwa sy inherente verskeurdheid as 'n mens wat wit is, in wie daar in goed en bloed geen skeiding meer op grond van kleur is nie. Ek vind in die buffelbul wat 'n naam gehad het Morena, al die waardige diere wat hy waardig gejag het. Al die honde wat hy liefgehad het, vind ek terug in Brindle, Lady, Briekwa, Longwane, Page, Blits." (Insig).

Ook Elsa Meihuizen verwys in 'n artikel na die moontlik outobiografiese element in dié roman, wanneer sy skryf: "[Deur] die inskripsie voor in die boek [...] word 'n interessante verhouding tussen feit en fiksie geponeer, waar ten minste 'sommige' karakters dan nie denkbeeldig is nie, en waar, indien 'verteller' gelees word as 'outeur', die kwalifisering as geheel met omsigtigheid gelees moet word. Die bytrek van 'die verteller' in hierdie sin open ook die moontlikheid van 'n outobiografiese element in die verhaal"(Tydskrif vir Letterkunde).

**2. Pieterse se oeuvre**

Die volgende Afrikaanse boeke verskyn uit Pieterse se pen:
1963: *Smokkelaars in die nag*
1964: *Slagters van die Limpopo*
1965: *Wraak van die dagbreek*
1966: *Tussen twee vure*
1966: *Berg van geheime*
1969: *Onrus op Bergville*
1973: Anderkant die Groot Rivier
1974: Nag van die tarentale
1979: Ou Kanniedood kom huis toe
1981: Stormsee oor Skoonbergbaai
1982: Roep van die visarend
1983: Die lang pad
1984: Geheim van die reënwoud
1985: Tietiesbaaikos
1985: Dag van die reuse
1987: Baai Baai Tietiesbaai
1988: Skedelkuskos
1988: Die pad na die see
1989: Boude en blaaie
1989: Elkeen se paleis
1989: Spookhuiskos
1989: Winterwerf in die Kavango
1990: Dasseneiland


1991: Swerwerskos - hier's die resepte
1992: Boskos uit boude en blaaie
1992: Die vergete vallei
1993: Silwer, jakkals van die Namib
1994: Bosberaad
1995: Mosambiek
1996: Hande klap vir Afrika
1997: Om 'n kierie te keer
2005: Manaka. Plek van die horings

**Vertaalde werke**
1985: The misty mountain
1985: Stormy seas at Clearwater Bay
1986: The day of the giants
1987: Trail of a villain
1987: Smuggler's trail
1989: Traces of the dark dog
1991: Shadow of the eagle
1991: Silver, jackal of the Namib
1991: The way to the sea
1991: Le jour des Géants
1992: Roar of the lion
1994: The forgotten valley
1997: The price of a chicken
Film en Televisie
Pieter Pieterse was verantwoordelik vir die draaiboeke van die volgende drie flieks:
1977: Kom tot rus
1978: Mooimeisiesfontein
1985: Bosveldhotel, die moevie

Daarbenewens was hy ook 'n bekende TV-persoonlikheid en was hy vanaf 1991 tot met sy dood in 2002 die aanbieder van die volgende gewilde TV-reekse:
1991: Swerwerskos
1992: Boude en blaaie
1994: Van die Kaap tot die Kunene
2002: Maak 'n las

Hy het ook tientalle televisiedraaiboeke geskryf.
Toekennings
1981: Tafelbergtoekenning vir Jeuglektuur vir *Stormsee oor Skoonbergbaai*
1984: Eerste prys in HAUM se jeugverhaalwedstryd vir *Geheim van die reënwoud*
1985: Ingesluit in Jay Heale se *Best Books* vir *The misty mountain*
1987: Vyfde plek in Weermag/Huisgenoot se kortverhaalwedstryd vir *Bloedspoor*
1988: Goue toekenning in SANLAM en Tafelberg se jeugverhaalwedstryd vir *Die pad na die see*
1991: Ingesluit in Jay Heale se S.A. Children's Books of the Year vir *Silver, jackal of the Namib*
1992: Benoem deur Star as beste TV-aanbieder vir *Swerwerskos*
1992: Artes-benoeming as beste aanbieder vir *Swerwerskos*
1992: Tweede prys, ATKV Prosaprys vir *Silwer, jakkals van die Namib*

1993: Artes-benoeming as beste aanbieder vir *Boude en blaaie*
1994: Toekenning van die Namibiese Kinderboekforum vir *Silwer, jakkals van die Namib*




**3. Opsomming**

Die basiese verhaalgegewe van *Manaka – Plek van die Horings* behels die koms van die hoofkarakter Baas Chipman na Manaka, ’n afgeleë plekkie langs die Zambezi-rivier in Zambië. Baas volg in die voetspore van sy oupagrootjie, Dennis “Baas” Chipman, die eerste wit inwoner van Manaka, wat ook as sendeling opgetree het. Baas gaan egter nie as sendeling nie, maar om ’n rivierboot te bou waarmee hy ’n toerisme-besigheid op die Zambezi kan begin.

Daar gekom, word Baas egter as ’n tipe reddingsfiguur beskou: eers as iemand met finansiële rykdom in die oë van die plaaslike mense, iemand wat hulle kan help wanneer hul siek is of swaarkry; en later as ’n helper van ’n sendelingpaar wat hul daar wil kom vestig.

Baas is ’n onwillige held, en die roman volg sy stryd teen die mense wat sy hulp nodig het, maar ook sy innerlike stryd, veral wat geloof betref.

**3.1 Plek**

Die verhaal speel af in Zambië, langs die Zambezi-rivier. Die provinsie se naam is Barotseland, en die mense wat daar woon, is die Malozi’s. Baas vestig hom op die grond wat destyds aan sy oupagrootjie behoort het. Die plek is deur die eerste Dennis Chipman “Manaka” (Plek van die Horings) genoem, na aanleiding van die jagtrofeë wat hy teen die bome vasgespyker het. Mettertyd het Manaka Evangelical Mission daar ontstaan. Naby Manaka is Mubuyu (Plek van die Kremetarte) waar die meeste van die Mulambwa’s woon. Verder word die khuta-vergaderings by Fumi (Plek van die Ryk Mense) gehou.

Die naaste dorp is Ngweze, en dis waarheen hul gaan vir voorrade. Dis ook in dié hospitaal wat Baas opgeneem is toe hy malaria gekry het.

### 3.2 Karakters

('n Lys van die belangrikste karakters in Manaka. Verwys na die Mulambwa-stamboom om die uitleg van dié belangrike familie onder die Lozi-mense te verstaan.

- Baas Chipman – die hoofkarakter, wat na Manaka kom om 'n toerisme-besigheid op d die Zambezi te begin

- Ouma Essie (Ester) Mulambwa – vrou van die oorlede sendeling muluti Joseph. Sy tree as 'n tipe profeet op, en beskryf haarself in 'n gebed as "die oudste lid van die gemeente van Manaka Evangelical Mission, […] deur die Here uitverkies om sy wil bekend te maak" (p.116). Sy verteenwoordig die goeie/Christenskap, en tree telkens as die 'gewete' van die ander mense op.
  Grace (Tibelelo) Mulambwa – die Lozi-vrou met wie Baas 'n spesiale verhouding ontwikkel. Dit is sy wat hom bystaan toe hy malaria kry, en ook later help om die kultuur aan hom te verduidelik. Dominee Griesel du Pisani – die man wat as sendeling na Manaka gestuur is, maar iets heeltemal anders kry as wat hy verwag het.

- Nanna du Pisani – Griesel se vrou.

- Hy het ook saam met die vorige sendeling gewerk en ken dus van die Lozi-mense. Hulle noem hom 'Muluti Malila' omdat dit soms lyk asof hy huil as gevolg van sy katarakte.

- Whitey Dennis – Hy help om vir Baas te vervoer na sy siekte. Later blyk dit dat hy óók die eerste Dennis Chipman se kleinseun is.

- Kebbey – Een van Ouma Essie se kleinseuns. Hy wil met Grace trou.

- Daaimon – Die hoofindoena, en dus die voorsitter van die khuta, die raad aan wie Baas en die sendelinge geld moet betaal om by Manaka te mag bly.
  Chisupo – 'n Toordokter wat die bose in die boek verteenwoordig. Hy is as't ware ouma Essie se teenpool. Die Lozi-mense is baie bang vir hom. Hy brand uiteindelik die kerk af.

- Johnnie – 'n man wat by Manaka werk soek, en vir Baas help jag. Baas help hom uiteindelik om sy skuld aan sy skoonfamilie af te betaal.

- Mark James – Zambezi Joy se vorige eienaar.

- Riekert – 'n Diamantsmokkelaar en/of -handelaar

## 3.3 Tydlyn

| | |
|---|---|
| 1870 | Dennis Chipman word deur die Kanadese regering afgevaardig om in Afrika skoen-lappers te vang. Hy vestig hom langs die Zambezi, en noem die plek Manaka. Sy noemnaam onder die Lozi-mense is Baas. |
| 1902 | Na 29 jaar in Zambië word hy siek en keer hy terug na Suid-Afrika, met die plan om later wee Barotseland toe te gaan om ’n boot te bou. |
| 1903 | Dennis Chipman trou met Johanna Smt en kry kinders wat Afrikaanssprekend is. Die eerste word na sy pa vernoem, en erf ook die noemnaam. |
| 1929 | Dennis Chipman (die eerste) sterf aan veelvuldige snywonde toegedien deur ’n gewonde bosvark. |
| xxxx | ’n Kleinseun van die Kanadese Chipman, Page Chipman (vernoem na sy ouma) trou met Grace Bosman. |
| 1952 | Page en Grace se enigste kind word gebore, die vierde geslag Chipmans. Hy word ook Dennis gedoop en ook Baas genoem.<br>Die kind is van kleins af lief vir die natuur, roei gereeld op die Ebenezer-dam, en hou van jag. |
| 1966 | Die Chipman-gesin verhuis na die suide van Suid-Rhodesië (Zimbabwe).<br>Die jong Baas Chipman voltooi sy skoolloopbaan op Louis Trichardt en lees al meer oor veral Zambië en die gebiede rondom die Zambezirivier.<br>Hy begin ná skool saam met sy ouers boer, maar moet verpligte militêre diens doen tydens die bosoorlog. |
| xxxx | Terwyl Baas in die oorlog veg, kry hy nuus dat sy ouers op hul plaas deur rebelle aangeval en vermoor is.<br>Hy verloor al hul familiebesittings (insluitend die plaas), maar voer ’n bestaan deur te jag en vleis te verkoop. |
| 1991 | Baas keer terug na Louis Trichardt, maar bly nie lank nie.<br>Hy aanvaar werk as ’n toergids in Botswana. Hy sien die groot toerisme-moontlikheide in Barotseland, Zambië, en koop later ’n sleepwa en motorboot voor hy die grens na Zambië oorsteek. |

## 3.4 Temas

Sommige moontlike temas in Manaka: Plek van die Horings word hier genoem en kortliks bespreek.

**Verhouding tussen mens en natuur**

Pieterse se gedetailleerde beskrywings van die natuurelemente in die roman, verseker dat die leser gedurig bewus is van die omgewing waarin die storie hom afspeel. Cilliers skryf hieroor: “[T]ipies Pieterse, is daar die intieme kennis van die bos en al sy bewoners: vlakvarke en olifante, koedoes, blouwildebeeste en sebras – saam met die bome en die veld word alles in liefdevolle, ingeligte detail beskryf.”

Baas is in ’n groot mate afhanklik van die natuur om te oorleef, en vertoon ook die mag van die mens oor die dier deur die diere van die omgewing te jag. Die natuur het egter ook ’n houvas op die mens, soos die effek van malaria bewys. (Baas se oupagrootjie is verder oorlede tydens ’n jagtog.) Verder moet Baas ook sy kamp beveilig teen die krokodille en seekoeie, en ’n trop olifante se besoek aan Manaka beeld ook die mens se weerloosheid uit. Wanneer iemand die toue wat die Zambezi Grace vasgebind het, lossny, dryf die boot rivier-af, en is dit totaal aan die natuur se genade uitgelewer.

Baas se respek vir die natuur word ook duidelik: eerstens deur die hegte band tussen hom en sy honde; en tweedens deur sy houding teenoor Morena, die groot buffelbul, selfs al skiet Baas hom uiteindelik.

**Die geskiedenis herhaal…**

Baas het meer as net sy naam met sy oupagrootjie in gemeen. Die stories en legendes wat hy van kleins af oor Dennis Chipman hoor, dien op die ou end as sy motivering om in dié se voetspore te volg – al die pad Zambië toe. Dwarsdeur die boek vind ’n mens verskeie bewyse van die ooreenkomste in hulle verblyf in Manaka. Meihuizen (2006:224) som dié ooreenkomste tussen die twee naamgenote goed op in die volgende gedeelte uit haar artikel:

“[Baas] het sy besonderse liggaamsgrootte en –krag van sy oupagrootjie geërf, en hy ontwikkel in ’n uithalerskut en –jagter in familiejagtogte wanneer hy dikwels voel dat ‘hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap’ (11)…In die jare ná die oorlog word Baas se oupagrootjie ’n al hoe sterker rigtinggewende krag in sy lewe: wanneer hy gedwing word om sy eie beeste wat gedurende die oorlog op sy ouers se plaas verwilder is, te skiet in ’n poging om iets van sy erflating te red, doen hy dit met die agtpondergeweer wat aan sy oupagrootjie behoort het; hy skaf vir hom ’n Ierse terriër aan, dieselfde soort hond as wat sy oupagrootjie besit het, en vernoem hom na die ou man se hond, Brindle; en wanneer hy ‘eensaam is, of vasgekeer voel’ (12) lees hy Psalm 23 uit die verweerde Engelse Bybeltjie van sy oupagrootjie.”

Mettertyd begin Manaka ook al meer lyk soos in die eerste Chipman se tyd: Baas herstel die bankies onder die worsboom later in die boek, en sit ook van sy jagtrofeë teen die bome op.

Die leser kry nooit ’n definitiewe aanduiding van die aard van Baas en Grace se verhouding nie, en moet self besluit hoe hy/sy dit wil opsom. Ten spyte hiervan is dit tog veelseggend wanneer Baas by Whitey hoor dat sy oupagrootjie eers met ’n swart vrou (ook van die Mulambwa-familie) getroud was, voor sy dood is tydens die geboorte van hul kind. Verder vertel Whitey ook aan Baas hoe Chipman en die Lozi-vrou “agter mekaar in ’n olifantpad” (177) Ngweze toe gestap het om te gaan trou. Aan die einde van die roman, stap Baas en Grace ook só wanneer hulle gaan om die boot te kry (246).

**Die stryd tussen goed en sleg**

Hierdie tema word veral in stand gehou deur die teenwoordigheid van ouma Essie en Meneer Chisupo. Ouma Essie verteenwoordig Christenskap (en dus stereotipies die ‘goeie’) en Chisupo meer heidense (en moontlik selfs satanistiese) gebruike. Hy braai byvoorbeeld ’n bokkop teen die kerkmuur en brand dit dan later af. Intussen dien ouma Essie as die gewete van die gemeenskap. Dit lyk ook asof Baas die enigste persoon is vir wie Chisupo bang is, moontlik ’n aanduiding dat Baas inherent ‘goed’ is, en daarom krag oor Chisupo het.

Wanneer Baas egter ‘sleg’ optree deur die sendelinge onwelkom te laat voel, en spanning tussen hom en veral Griesel hoog loop, is dit ouma Essie wat as ’n tipe ‘boodskapper van God’ die situasie n ’n sekere rigting stuur.

’n Mens sou ook kon sê dat die khuta met hul materialistiese strewe ‘sleg’ is, en weer eens is dit ouma Essie wat ’n sogenaamde ‘stem van geregtigheid’ bring wanneer sy namens Grace en die sendelinge praat.

**Identiteit**
Die meeste van die elemente wat hierbo genoem is, kan saamgevat word onder die tema van identiteit, spesifiek dié van Baas. ‘n Artikel van Susan Meyer lig die belangrike elemente van dié tema goed uit.

Een van die belangrikste merkers van identiteit is ’n mens se naam. Juis daarom is Baas se identiteit in ’n groot mate van kleins af gerig op dit wat hy van sy oupagrootjie weet. Dit is egter ook interessant binne ’n post-koloniale Afrika-konteks, dat sy noemnaam Baas, heerskappy impliseer. Dit is waarskynlik so dat die eerste Dennis Chipman só genoem is as gevolg van sy wit vel. Hy beoefen dan ook sy ‘baasskap’ oor die natuur. Voor die khuta en die Lozi-mense moet hy egter juis bewys dat hy hulle nie wil domineer nie.

Baas se droom is om ’n boot te bou en ’n toerisme-besigheid te begin. Hy word egter verhinder in sy najaag daarvan, deur verskeie elemente. Ouma Essie en Grace wil hom laat verstaan dat hy ‘gestuur’ is om hulle te help, maar hy wil nie dié identiteitsmodel (dié van helper) aanvaar nie, soos duidelik uit sy woorde: “[Ek] is nie gestuur nie en ek is… nie hier om enigiemand te kom help nie” (43) en “Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te kom doen nie” (126).

Hy kan egter nie van dié rol ontsnap nie, en dit blyk weer ’n kwessie van ‘oorerwing’ te wees, aangesien sy oupagrootjie ook met ’n ander doel gekom het as wat hy op die ou end in Zambië vervul het. Ook Whitey sê: “Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis ’n familiekwaal.” (178). Mettertyd begin Baas dit ook al meer aanvaar. Wanneer sy boot byvoorbeeld rivier-af dryf (en sy oorspronklike droom dus nie meer bereikbaar lyk nie), begin hy die bankies onder die worsboom weer opsit, asof hy aanvaar dat hy ’n ander doel het.

Meyer (2006:72)beskryf dit as volg in haar artikel:
“Baas verraai hiermee saam ’n veranderde ervaring van Manaka, wat hy vroeër as plek van sý droom en verlengstuk van sy eng beleefde identiteit as baas en booteienaar gesien het. Hoewel ouma Essie daarop aanspraak maak dat Manaka die plek is waar “... die Here van altyd af ... met sy mense gepraat het ...” (p. 115), was Baas aanvanklik kwaad toe die khuta die boonste gedeelte van Manaka aan die sendelinge verhuur (p. 85-86). Gestroop van sy selfgerigte ideaal dra hy nou die buffelhorings teen die bult uit en slaan dit vas bokant die naambord – Manaka Evangelical Mission – wat iemand intussen weer aan die paal vasgesit het (p. 136). Dit is konkrete bevestiging dat hy sy plek uitbrei na die boonste helfte waar die kerk herbou gaan word. Hy erken ook sonder protes ontvangs van die boumateriaal wat vir die kerk afgelewer word (p. 244). Manaka is nie meer sentrum van patriargale oorheersing nie, maar plek van geestelike versorging vir die gemeenskap. Vir die eerste maal blyk die betekenisvolheid van evangelis Joseph se lyfband wat ouma Essie hom kort ná sy aankoms aanbied en wat perfek pas (p. 121). Baas neem die taak van versorging van ’n geestelike kudde oor van die ou evangelis. “

Die belangrikste element van Baas se soeke na sy identiteit het te doen met die aard van Christenskap, en sluit aan by die konflik tussen goed en sleg. Hy wil telkens by van die ander karakters weet wat van ’n mens ’n Christen maak. Meyer (2006:72) skryf hieroor:
“Onderliggend aan die groter duidelikheid omtrent sy eie identiteit lê ’n pas afgehandelde geloofstryd rondom die vraag: “Wat maak van jou ’n Christen?” (p. 146), waarop Grace hom ’n eenvoudige antwoord gee: “Omgee ... Dis sendingbloed” (p. 228). Nadat hy by almal rondom hom na ’n antwoord op hierdie vraag gesoek het (p. 138, 146, 155, 202) blyk iets van die

aanvaarding van die rol van gestuurde uit die berustende gebed wat hy teen die einde van die roman by ouma Essie se siekbed bid: “Dankie, Here. Amen” (p. 243).”

Meyer skryf verder:
“Die rivier speel ten laaste ook ’n rol in die bekragtiging van Baas se nuwe identiteitsbesef en lewensvoornemens op die vlak van praktiese besluitneming. Deur die boot as’t ware “terug te gee” (nadat Baas by die waterval besef het hy sal nie eens splinters daarvan terugkry as die boot daaróór is nie (p. 232)), word hy ’n finale keuse gebied omtrent sy toekoms. Sy besluit word duidelik uit die belangelose hantering van sy broer se brief – die nuus dat reisagente oormekaar val om sy toerboot te bemark (p. 233) – asook die gesprek met Grace oor die aanspreekvorm “meneer” Baas toe sy hom met die mukolo na die vasgespoelde boot neem (p. 246). Hoewel Grace hom daarop wys dat hierdie aanspreekvorm die gebruik is onder haar mense om eerbied teenoor ’n meerdere te betoon, dring hy aan: “Sê net ‘Baas’. Dit is wat my naam is”. Daarmee doen hy finaal afstand van die rol van meerdere in die benutting van die rivier tot sy eie uitsluitlike voordeel.

Die naam en identiteitsmerker “Baas” word hier met ’n nuwe betekenisinhoud gevul. Baas gaan haal die boot en dra weer sy geweer oor sy skouer. Hy sien homself dus steeds in die rol van helper en versorger deurdat hy, soos vroeër, die voorsiening van vleis en moontlik ook nou riviervervoer en ’n sendingbediening met behulp van die Zambezi Grace op hom neem, maar dit is nie meer blyke van patriargale sorg oor onderdane nie. Dit blyk veel eerder die vergestalting te wees van die Ubuntu-konvensie om wanneer ’n mens het, besittings spontaan met ander te deel ... Daar is dus tekens van vereenselwiging met die woorde van die sendeling: “Christenskap is ’n gesindheid ...” (p. 155), wat ná hulle gesprek in Baas se gedagtes bly (p. 207). Hierdie nuwe gesindheid impliseer dat Baas geen woede of verset meer openbaar teen die versorgings- en onderskragingsrol waarin die belange van die Zambezi-mense voorop gestel word nie. “

Die kwessie van Baas se identiteit betrek dus elemente uit die ander genoemde temas ook.

### 3.5 Hoofstuk-inhoud

Vervolgens word ’n kort opsomming van die belangrikste gebeure in elke hoofstuk gegee.

**Vooraf** (pp. 7-16)
Die historiese agtergrond word geskets: die eerste Dennis Chipman se koms na Afrika in 1870, sy vestiging langs die Zambezi by Manaka, sy sending- en opvoedingswerk. Die hoofkarakter Baas Chipman se lewensverloop word oorsigtelik vertel tot by sy besluit om in sy oupagrootjie se voetspore te volg, Zambië toe.

**Een** (pp. 17-24)
Baas reis met sy Land Rover in Zambië, al verder van die beskawing af, tot hy uiteindelik by die plek kom waar sy oupagrootjie die Manaka Evangelical Mission begin het. Hy verken die area, en vind oral tekens van die eerste Dennis Chipman se verblyf – ’n bougainvilleabos, verrotte houtbankies onder ’n groot worsboom, draad om ’n boombas. Daar is egter ook tekens dat daar meer onlangse inwoners was, soos die wit geboutjies waarvan een soos ‘n kerk lyk en die graf van Joseph Sitali Mulambwa.

Twee seuntjies lei hom na die indoena se blyplek en Baas maak ’n afspraak om die khuta (indoena-owerheid) te spreek, sodat hy kan toestemming kry om op Manaka te bly. Sy versoek is suksesvol, en die ooreenkoms is dat hy die khuta R250 per maand sal betaal, direk aan die hoofindoena, Daaimon. Hy betaal ’n jaar se huur vooruit.

**Twee** (pp. 25-32)
Baas vertrek op sy verkenningstog van die Zambezi, terwyl hy gedurig notas maak van wat hy sien. Hy wil vasstel hoe ver ’n mens met ’n groot boot op die rivier kan vaar, sodat hy sy toerisme-inisiatief kan begin. Hy stop by Mongue om brandstof te kry en maak verdere planne oor die boot wat hy wil bou. Terwyl hy daar is, kom vra ’n Angolese pa van ’n kind met malaria hom vir medisyne. Baas gee sy dosis chlorokien vir die kind.

**Drie** (pp. 33-40)
Natuurelemente word weer beklemtoon, met olifante se besoek aan Manaka tydens Baas se afwesigheid, en ’n seekoeibul wat pla na sy terugkeer. Baas sien vir die eerste keer die spoor van Morena, ’n groot buffel-bul. Hy gee die bougainvillea wat sy oupagrootjie geplant het water, ’n teken van instandhouding.

Die twee honde Brindle en Lady kry ’n werpsel baster Ierse terriërtjies. Baas ontwerp verder aan sy boot en kry weer voorrade. Hy jag al meer rondom Manaka met sy oupagrootjie se geweer, en kry naam as jagter, sodat al meer by hom kom vleis koop. Mark wil die Zambezi Joy verkoop en Baas besef dat dit sy beste opsie is. Met ’n bietjie werk kan die boot aan al sy behoeftes voldoen. Die boot word op ’n stellasie by Manaka staangemaak en word herdoop na die Zambezi Grace, hoewel hy die naambord nog nie vassit nie.

**Vier** (pp. 41-51)
Baas is siek, maar het nie meer malariapille nie, aangesien hy dit vir Grace gegee het toe sy siek was. Nou waak Grace by hom. Hy hoor by haar dat ouma Essie dink hy is gestuur om die mense van Manaka te help. Baas gee vir Grace geld om medisyne te gaan koop. Grace gaan vra haar neef, Meneer Kebbey, om Baas met sy bakkie hospitaal toe te vervoer. Hy is in ’n koma as hy daar aankom, maar kom na ’n paar dae weer by.

Intussen is Ouma Essie en Miriam by Mubuyu besig om nog ’n siek vrou te versorg.

**Vyf** (pp. 52-59)
Die kerk-afvaardiging vergader met die khuta. Na vier jaar wil die kerk weer ’n sendeling (Dominee Griesel du Pisani) daar vestig. Die khuta wil egter huur van R500 per maand vir die grond, geboue en die besigheidsregte. Dit sluit nie die grond wat aan Baas verhuur word in nie. Grace sal as tolk optree vir Griesel-hulle.

**Ses** (pp. 60-64)
Baas is ontslaan uit die hospitaal. Grace help om te koop wat nodig is, onder andere nog ’n kursus malariapille. Sy vertel hom van die siek vrou by Manaka en hy reageer heftig omdat hy nie verantwoordelik wil voel vir almal anders nie, en net aan sy boot wil werk. N die uitbarsting gee hy haar tog geld om nog te gaan koop. Hy onttrek sy laaste geld uit sy bankrekening.

**Sewe** (pp. 65-75)
Nanna du Pisani is opgewonde oor haar en Griesel se trek na Manaka. Op pad daarheen ontmoet hul vir Mister Johnnie, wat vir Nanna werk vra. Die bakkie waarmee hulle ry, val vas in die sand en ’n paar van die plaaslike mense kom help om dit uit te stoot.

By die sendingstasie gekom, sien hul die kerk en ander geboutjies het erg onder vandalisme deurgeloop. Hulle ontmoet vir ouma Essie, vrou van die vorige sendeling, muluti Joseph. Sy vertel dat haar kleinkind Ester oorlede is. Griesel slaap die aand in Baas se hut, en Nanna en Oom Scholtzie buite. Sy kyk na foto's in die hut en merk die ooreenkoms tussen Baas en sy oupagrootjie op.

**Agt** (pp. 76-87)
Chisupo braai 'n bokkop teen die kerk se muur.
Ouma Essie is woedend vir Kebbey wat die bok aan Chisupo gegee het, uit vrees vir wat die man aan hom kan doen.

Baas en Grace skuil op 'n winkelstoep in Ngweze toe dit begin reën. Sy vertel hom van haar en die ander mense van Mubuyu se geskiedenis en hoe sy haar ouers verloor het. Hulle ry saam met Whitey terug Manaka toe. Baas is nie baie vriendelik oor die sendelinge wat hul daar kry nie, en is nog baie swak.

Grace bring later vir hulle almal kos. Die stampolisieman bring 'n boodskap vir baas, en sê dat die khuta hom wil spreek. Baas ignoreer hom. Toe dit begin reën, skuil Baas alleen in sy hut en die sendelinge in hul voertuie.

**Nege** (pp. 88-100)
Grace kom praat met Baas oor sy optrede teenoor die polisieman. Meneer Johnnie kom daar aan en vertel van sy en die mense se vrees vir Meneer Chisupo. Meneer Johnnie vra nou vir Baas vir werk en noem hom "'n goeie man... 'n Christen" (p.91).

Baas sê weer vir Grace dat hy nie mense wil help nie. Sy reageer deur te sê dat dit dalk die Here is wat hom al die swaarkry laat raaksien. Sy verduidelik verder dat sy hom wil help uit dankbaarheid dat hy haar lewe gered het, maar ook omdat sy wil hê die sendelinge moet bly, aangesien hulle vir haar kan werk gee as tolk. Sy dink hy is dalk deur die Here na Manaka gestuur en vergelyk hom met die eerste sendeling wat daarheen gekom het. Later eet hulle almal saam in Baas se hut en Grace verduidelik die gebruike en kultuur van haar mense aan Baas en die sendelinge.

**Tien** (pp. 101-114)
Baas gaan was by die rivier en Nanna kry hom daar. Sy sê aan hom dat sy dink hy en Grace maak 'n oulike paartjie. Hy sê daar is nie plek vir "iemand anders" (p.104) in sy lewe nie. Meneer Johnny is by die kamp om te vertel dat Chisupo kwaad is oor die blanke mense wat by Manaka aangekom het. Oom Scholtzie probeer steeds tevergeefs om met Baas te praat oor hul situasie. Ouma Essie bring vir Baas 'n hoender om vir al die mense te kan kos gee.

Baas gaan stel ondersoek in na die boot, en sien dat dit steeds gebreek is. Meneer Johnny vaar uit teen die khuta wat die wit mense gebruik. Oom Sholtzie praat eers met Baas oor die Here se plan vir sy lewe en bied dan aan om vir Baas te bid. Baas wys dit van die hand. Oom Scholtzie moet terugkeer en wil weet of hulle maar hul meubels mag aflaai.

Baas dra steeds die gevolge van sy malaria. Nanna-hul wil weer bankies onder die worsboom bou, sodat sy die kinders liedjies kan leer, maar Baas weier. Nanna en Griesel stry. Griesel voel sy basies regte is geskend. Baas sê hy stem saam en jaag Griesel weg.

**Elf** (pp. 115-127)
Ouma Essie roep almal onder die worsboom bymekaar, open met gebed en spreek hulle toe. Sy vertel haar eie geskiedenis – waar sy grootgeword het, hoe sy vir muluti Joseph ontmoet het, en hoe hulle hul op Manaka gevestig het. Sy sê sy is “deur die Here uitverkies om sy wil bekend te maak”(116) en neem beheer van die situasie. Die sendelinge gaan by die kerk bly, en tot die kerk herstel is, sal kerk onder die groot worsboom gehou word. Verder praktiese reëlings word ook deur haar gemaak. Meneer Johnnie word deur die kerk aangestel.

Ouma Essie gee muluti Joseph se lyfband aan Baas. Hy begn haar uitvra oor sy oupagrootjie en die tyd toe hy hom daar gevestig het. Die polisieman bring vir Baas ’n dagvaardingsbrief van die khuta. Grace tree as tolk op en verduidelik vir Baas dat die khuta hom wil sien in verband met die vleis wat hy verkoop. Die khuta wil nou sy konsessiegeld vermeerder. Baas vertel van sy kleintyd-droom om in sy oupagrootjie se spore te volg.

**Twaalf** (pp. 128-141)
Die sendelinge is besig om hul goed by die kerk af te laai en in te trek. Baas ontmoet vir Riekert. Riekert is ’n handelaar in diamante, en probeer vir Baas oortuig dat dit die manier is om vinnig geld te maak, sodat hy sy toerisme-besigheid aan die gang kan kry.

Baas ry saam met Nanna om te gaan jag en hul bespreek wat Christenskap beteken. Die sendingstasie se naambord is weer aan ’n paal vasgesit. Voordat Baas ’n groot vlakvark kan skiet, val dit een van sy honde, Longwane, aan.

**Dertien** (pp. 142-151)
Baas werk Longwane se wond toe en slag die vlakvark. Hy dink terug aan Fires en vergelyk haar en Nanna met mekaar.

Baas gee toestemming dat die sendelinge vir nog een nag in sy hut kan slaap, aangesien hy by die honde in die kombuis sal slaap. Oom Scholtzie nooi Baas uit na hul diens die volgende oggend. Ouma Essie en meneer Chisupo het ’n onderonsie. Meneer Johnnie sê later dat Chisupo vir Baas bang is. Oom Scholtzie deel hul mee dat hy die volgende dag (Goeie Vrydag) gaan terugry huis toe.

**Veertien** (pp. 152-163)
Griesel is besig met voorbereidings vir die volgende dag se nagmaal. Hy sê vir Baas hy moet vir Nanna uitlos. Baas vra vir Griesel uit oor Christenskap en wat dit beteken. ’n Trop olifante is op pad na die lande toe, maar Baas en Griesel kry hul weggekeer.

Hulle hou nagmaal en dit bring by Baas herinneringe van sy kinderdae terug. Oom Scholtzie groet en kry verskeie versoeke om by die huis uit te voer voor hy weer terugkom. Ouma Essie vertel dat haar Bybel nie natgeword het van reën nie, maar toe sy dit self in die rivier gegooi het.

**Vyftien** (pp. 164-171)
Die khuta verklaar dat Grace se geld vir haar tolkwerk direk aan hulle betaal moet word en dat ’n gedeelte daarvan die khuta toekom, aangesien hulle die werk vir haar gekry het. Ouma Essie maak ’n lang toespraak, waarin sy die khuta verkwalik vir die verwoesting van die kerk en geboue, en vir die feit dat sy en Grace weggejaag is by Manaka. Die redes vir Baas se verskyning voor die khuta word uitgelê. Dit word duidelik dat die khuta Baas se boot en ook die vleis wat hy jag tot hul en die stam se voordeel wil gebruik. Baas reageer of protesteer nie

en verlaat die vergadering. Ouma Essie verduidelik dat die sendelinge nie sal kan bly as Baas weggaan nie.

**Sestien** (pp. 172-179)
Een van die honde, Briekwa, vrek, en Baas begrawe hom, met behulp van Sitali. Whitey kom sê dat die mense in Ngweze nie die onderdele wat Baas vir die boot nodig het, kon kry nie. Baas antwoord dat hy dit nie meer nodig het nie, en vra vir Whitey uit oor die eerste Chipman. Whitey antwoord dat dit sy oupagrootjie was en lê die familie-verband vir Baas uit. Hy vertel ook vir Baas van die kanaal wat die eerste Chipman ontwerp en laat bou het. Baas sê niks van sy verbintenis met en kennis van Dennis Chipman nie. Whitey wil by Baas geld leen, maar Baas sê hom hy het niks oor nie.

**Sewentien** (pp. 180-190)
Baas sê aan Griesel dat hy nog nie weggaan nie. Nanna kom praat met Baas oor die dooie hond. Baas spyker die vlakvarkskedel aan ’n boom vas. Hy begin weer werk aan die boot. Later die aand lees hy weer in sy ma se Bybel. Grace kom en vertel vir Baas dat meneer Mosko se ma steeds siek is. Hy en Nanna gaan saam met haar Mubuyu toe met nog medisyne. Daar gesels hy met meneer Kebbey oor sy konsessie en die khuta se besluit. Kebbey sê ook aan Baas dat hy met Grace wil trou.

**Agtien** (pp. 191-200)
Meneer Daaimon wil hê dat die “man met die sterk medisyne” (192), Chisupo, eers die siek vrou moet probeer help. Baas verwyder eers vir Daaimon en toe vir Chisupo uit die hut waar die siek vrou lê. Die vrou sterf, en Baas loop terug Manaka toe. Hy dink na oor alles wat gebeur het.

Baas en Meneer Johnnie gaan jag, en Baas laai ’n bok by Daaimon af as die khuta se aandeel. Daar word begrafnis gehou vir die vrou wat dood is.

**Negentien** (pp. 201-212)
Ouma Essie kom vra Baas se hulp om die pale aan te ry. Hy wil by haar weet wat van ’n mens ’n Christen maak. Sy verwys hom na die Bybel. Tyd verloop, en terwyl die watervlak al hoër styg, werk Baas stadig maar seker aan die boot. Kerkdienste word onder die worsboom gehou, en mense kom tot bekering. Baas probeer Johnnie help om sy skuld teenoor sy skoonfamilie af te betaal. Hulle praat oor Christenskap.

Griesel, Nanna en ouma Essie gaan Ngweze toe vir voorraad. Grace vertel vir Baas dat Riekert by Kebbey was en dat hy waarskynlik nou genoeg geld het om met haar te trou. Baas gaan soek vir Whitey. Hy is nie by sy kamp nie, en Baas lees in sy Bybel die verse wat ouma Essie aan hom gegee het nie. Baas kry die kremetart met sy oupagrootjie se naam op, en kerf sy naam daaronder uit. Terug by Manaka sien hy dat die buffels, met die grote, Morena, ook onder hulle, daar was.

**Twintig** (pp. 213-221)
Daar was iemand by die werkswinkel terwyl Baas weg was na Whitey se kamp. Riekert en Kebbey kom daar aan – Kebbey is op soek na Grace en Riekert wil die boot by Baas koop. Baas sê egter die boot is nie te koop nie. Riekert sê Kebbey is die nuwe hoofindoena, aangesien Daaimon uit die posisie onthef is. Grace vertel van Riekert se verblyf by haar en ouma Essie jare gelede. Polisiemanne deursoek vir Riekert en Kebbey en kry diamante by

eersgenoemde. Hy word in hegtenis geneem. Grace ignoreer vir Kebbey toe hy haar vra om saam met hom te gaan. Met Grace se hulp vorder Baas met die boot se herstel, sodat dit nou al kan dryf.

**Een en Twintig** (pp. 222-230)
Whitey bring vir Baas planke om bankies mee te bou. Whitey wonder oor sy oupagrootjie se Christenskap. Baas wys vir hom Dennis Chipman se Bybel met sy naam voorin en gee die Bybel dan vir Whitey.
Die kerk is in vlamme. Iemand het die diesel wat by Baas gesteel is daarvoor gebruik. Chisupo word deur die honde gejaag en hardloop by die vlamme in. Terug by die kamp sien Baas vroegoggend die boot is weg – iemand het die toue wat dit vasgehou het, afgekap.

**Twee en Twintig** (pp. 231-235)
Baas en Grace ry om te kyk of hul die boot kan sien, maar kry dit nie. Ouma Essie en Nanna kry hulle langs die pad. Griesel is siek en moes agterbly. Hulle ry saam om vir hulle die verwoesting te gaan wys. Nanna gee later vir Baas ’n geskenk.


**Drie en Twintig** (pp. 236-246)
Baas agtervolg die trop buffels met die doel om Morena te skiet. Die groot bul jaag vir Longwane en skep vir Brindle, en Baas kry hom net gekwes. Nadat hy vir Brindle begrawe het, volg hy die buffel se spoor verder en skiet hom uiteindelik dood. Die buffel gee hy aan Johnnie as losprys vir sy vrou en kind.

Terug by Manaka kry Baas ’n klein hondjie wat ouma Essie vir hom gestuur het. Jos word as die nuwe hoofindoena aangewys. Oom Scholtzie kom en bring deure en vensters vir die kerk. Hy sê dat Griesel nie weer terugkom nie. Sitali bring die nuus dat ouma Essie siek is. Hy gee muluti Joseph se lyfband vir haar terug en doen ’n eenvoudige gebed.

Baas spyker Morena se horings bokant Manaka se naambord vas. Whitey kom haal vir Sitali om hom met iets te help. Baas maak bankies onder die worsboom. Whitey kom terug en sê die boot is in hul oupagrootjie se kanaal – hy het gedroom dis daaren Sitali het dit bevestig. Baas en Grace gaan haal die boot, en hy vra Grace om hom op sy naam te noem.

**Mulambwa-stamboom**

Die Mulambwa-familie is ’n belangrike familie en stam af van Joseph Mulambwa wat ’n sendeling by Manaka was. Hy wou nie die hoofman word nie, omdat hy homself as “indoena van God”(p. 78) beskou het. Daarom het Grace se pa op ’n jong ouderdom hoofindoena geword. Hy en sy vrou is egter dood in ’n landmyn-ontploffing. Na sy dood het Daaimon die amp oorgeneem, aangesien hy getroud was met Maria Mulambwa. Aan die einde van die boek word Daaimon uit sy posisie onthef en Jos (een van muluti Joseph se kleinseuns) word hoofindoena.


Muluti Joseph Mulambwa
Getroud met Ouma Essie
Maria
Trou met
Daaimon
Miriam
Getroud met
Mosko (polisieman)
Sitali
Getroud met
Deborah
Vyf dogters
Jos
Kebbey
Ester
(sterf p.50)
Grace/Tibelelo
Sitali

**WERKSKEDULE**

**LET WEL:** Onderstaande is slegs 'n **voorbeeld** van hoe die **MANAKA-aktiwiteite** binne die **<u>Werkskedule</u>** kan reflekteer. (Onthou dat die ander dissiplines soos Luister en Praat, Skryf en Taal ook deel van die Werkskedule moet vorm.)

**Skool:**

**DISTRIK:**

AFRIKAANS **HUISTAAL** **WERKSKEDULE: Kwartaal..... 200.....** GRAAD 12

**TEMA/KONTEKS/NKV-beginsel:**

| **TYD**<br>Week<br>Datum | **LU'e & AS'e**<br>(Gebruik sleutelwoorde) | **BRONNE** | **ONDERRIG- EN LEERAKTIWITEITE** | **ASSESSERING** | | | **KOMMENTAAR** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Formeel | Informeel | Taaknommer | |
| 1 | **1. Luister en Praat**<br>1.1 Toon begrip van konsepte<br>1.2 Beurtnemingskonvensies<br>1.4 Groepbesprekings<br><br>**2. Lees en Kyk**<br>4.11 | LOK-gids, Febr. 2009<br>**Manaka**: Pieter Pieterse<br>NKV Graad 10 - 12 Afrikaans Huistaal | • Stel vas wat die leerders se kennis ten opsigte van die bou van 'n roman is.<br>• Behandel die algemene bou/struktuur van 'n roman.<br>• Praat inleidend oor Pieter Pieterse as skrywer en die agtergrond van sy werke.<br>• Bespreek die literêre terme wat betrekking het op MANAKA.<br>• Leerders berei werkboek voor vir aantekeninge en bladsyverwysings soos die roman verloop. | | | | Literêre terme in MANAKA (LEESBOEK).<br><br>. |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 en 3 | **2. Lees en Kyk**<br>1.1 Vra vrae ten einde voorspellings te kan maak<br>1.2 Vluglees<br>1.3 Soeklees<br>1.4 Lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag<br>1.6 Lei betekenis af<br>1.7 Herlees teks om begrip te bevorder<br>2.1 Vind toepaslike inligting<br>2.2 Seleksie en weglaat van inligting<br>2.3 Feite en menings en motiveer eie respons<br>2.4 Verskuilde betekenis<br>2.7 Figuurlike taal en literêre stylmiddels<br>2.8 Vergelyk skrywer se gevolgtrekkings met eie<br>2.10 Gee persoonlike response op teks<br>3.1 Sosio-kulturele waardes,houdings en oortuigings<br>3.2 Partydigheid, vooroordeel en diskriminasie<br>4.3 Ontleed die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik, karakter<br>4.5 Agtergrond en milieu<br>4.6 Stemming, tydsverloop<br>4.9 Ontleed dialoog en handeling<br>4.10 Evalueer karakterbeelding<br>4.11 Romanstruktuur<br><br>**1. Luister en Praat**<br>1.2 Beurtnemingskonvensies<br>1.4 Groepbesprekings | **Manaka**: Pieter Pieterse<br>LOK-gids, Febr. 2009 | • Lees die teks tot by hoofstuk XX – vrae en verduidelikings ter verheldering<br>• Gee tuisopdrag en fasiliteer terugvoering.<br>• Leerders maak deurlopend aantekeninge op die aangeduide bladsye in hul werkboek en kantaantekeninge in die teks.<br>• Lees teks verder tot by hoofstuk XX – vrae en verduidelikings ter verheldering<br>• Behandel die literêre terme deurlopend en spreek die relevante AS'e aan.<br>• Skryf kontroletoets<br>• | | ✓<br><br>✓ | | Kortvrae oor hoofstukke<br><br>Voorbeeld-kontekstuele vrae MANAKA (LEESBOEK) |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 en 5 | **1. Luister en Praat**<br>1.1 Toon begrip van konsepte<br>1.2 Beurtnemingskonvensies<br>1.4 Groepbesprekings<br><br>**2. Lees en Kyk**<br>AS'e van week 2 en 3<br>plus<br>2.5 Ontleed perspektief en gee bewyse uit teks<br>2.6 Sosio-politieke agtergrond van teks<br>4.4 Boodskappe en temas<br>4.7 Woorkeuse, stylfigure, beeldspraak en klank om stemming, betekenis en tema uit te druk<br><br>**3. Skryf en Aanbied**<br>AS 1 - 3 Beplan, Eerste weergawe en Finale produk | **Manaka**: Pieter Pieterse LOK-gids, Febr. 2009<br>**Handleiding vir VOO-Afrikaans-onderwysers**, WKOD 2008 | • Bespreek die kontroletoets.<br>• Onderrig die skryf van 'n langvraag.<br>• Onderrig die rubriek wat gebruik word vir die assessering van 'n literêre opstel<br>• Bespreek en doen moontlike langvrae.<br>• Behandel die literêre terme deurlopend en spreek die relevante AS'e aan.<br>• Gee ook kontekstuele vrae vir inskerping. | | ✓<br>✓ | | |
| 6 | Leeruitkomste en Assesseringstandaarde soos in weke 4 en 5. | **Manaka**: Pieter Pieterse LOK-gids, Febr. 2009<br>**Handleiding vir VOO-Afrikaans-onderwysers**, WKOD 2008 | • Hersiening en vaslegging van MANAKA.<br>• Leerders doen 'n opstelvraag oor die roman: **Taak 2/6** op die Assesseringsprogram. | ✓ | | **2/6** | Taak 2/6 word formeel opgeteken |

'n Lesplan verskaf die onderrig- en leerbesonderhede wat nie in die Werkskedule uitgespel word nie. Onderstaande **Lesplan** demonstreer die korrelasie wat tussen die Lesplan en die Werkskedule behoort te wees.

| SKOOL | LESPLAN | AFRIKAANS | | |
|---|---|---|---|---|
| | | HT ✓ | EAT | TA T |

| ONDERWYSER | GRAAD | TYDSDUUR | DATUM | TEMA |
|---|---|---|---|---|
| | 12 | 1 week | Week 6 | |

| KRITIEKE EN ONTWIKKELINGS-UITKOMSTE | 1<br>2<br>3<br>4 | 1. Los probleme op en neem besluite<br>2. Werk doeltreffend in 'n span of groep<br>3. Werk self verantwoordelik en doeltreffend<br>4. Versamel, ontleed, organiseer inligting<br>5. Kommunikeer doeltreffend<br>6. Tegnologiese en omgewingsbewustheid<br>7. Besef die wêreld is 'n stel verwante stelsels | | 8. Ontwikkel doeltreffende leervaardighede<br>9. Deelname as verantwoordelike burgers<br>10. Kultureel en esteties sensitief<br>11. Ondersoek onderwys- en beroepsmoontlikhede<br>12. Ontwikkel entrepreneursgeleenthede |
|---|---|---|---|---|

| LU'e | ONDERRIG- EN LEERAKTIWITEITE | ASSESSERING Dui take van ASSESSERINGSPROGRAM (wat FORMEEL opgeteken gaan word) duidelik aan. | Assesserings-INSTRUMENT en WIE assesseer | INTE-GRASIE | BRONNE | AFGEH. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LU'e en AS'e soos in Werkskedule vir Week 6. | ▪ **Hersiening en vaslegging van MANAKA.**<br>- Doen tydlyn van MANAKA.<br>- Bespreek aspekte soos titel, tema, ruimte, karakters, simbole, spanning, ens. soos dit in die tydlyn ter sprake kom.<br>- Aspekte word aan verskillende individue / pare / groepe toegeken en terugvoer word deur onderwyser gefasiliteer en aangevul.<br>- Behandel weer met leerders die skryf van 'n langvraag<br>- Onderrig weer die rubriek wat gebruik word om die literêre opstel te assesseer<br>- Leerders skryf inleiding/slot, maak geheuekaart van die volgende vraag:<br>▪ **Leerders doen Taak 2/6: Opstelvraag oor MANAKA**<br>- Rubriek op p. 133 in HANDLEIDING vir VOO-onderwysers. | Inleiding/Slot/Geheuekaart<br><br>Opstelvraag (Punt word formeel opgeteken) | Portuurassessering: Bespreking / Motivering: interessant/treffend/goed OF oninteressant/ nie-treffend/swak<br><br>Rubriek: Onderwyser | | Handleiding vir VOO-Afrikaans-onderwysers, WKOD 2008: pp. 48 - 49, 133<br><br>LOK-gids oor MANAKA, 2009: pp. 39 - 43<br><br>MANAKA, Pieter Pieterse | |

| LEERSTOORNISSE / VERRYKING: | REFLEKSIE: |
|---|---|
| ▪ Sleutelgrepe uit roman word weer hardop in klas gelees om leerders met leerstoornisse te help.. | |

**ONDERRIGWENKE VIR DIE ONDERWYSER:**

(i) Beantwoord eers die makliker vrae oor elke hoofstuk uit die gids en daarna die insig- en interpretasievrae agterin die leesboek.

(ii) Laat leerders die kaart agterin die teksboek bestudeer terwyl die boek gelees word sodat hulle vertroud kan raak met die plekke.

(iii) VOLG DIE AANWYSINGS OP BL. 252 IN DIE BOEK *MANAKA PLEK VAN HORINGS* TEN OPSIGTE VAN HOE JY AS LEERDER DEURGAANS NOTAS OOR DIE TEMAS EN KARAKTERS MOET MAAK:

Wenk: Los die eerste twee bladsye regoor mekaar oop vir notas oor:

- *Baas Chipman en sy oupagrootjie; later sal jy ook Whitey se oupagrootjie hier inbring;*
- *die derde bladsy gaan oor die rol van die Bybel en die soeke na sekerheid oor Christenskap in die lewe van Baas Chipman. (Noem dit: WAT IS 'n CHRISTEN?)*

Die volgende bladsye word dan van die volgende opskrifte voorsien vir bladsyverwysings, aanhalings en/of aantekeninge soos jy die verhaal lees:

- *Kontras tussen Baas Chipman en die sendelinge en Riekert se sienings en houdings teenoor die plaaslike bevolking;*
- *die Mulambwa-familie;*
- *die Boot-droom;*
- *DROME;*
- *Honde;*
- *Grace;*
- *Ouma Essie;*
- *Mnr. Whitey;*
- *Mnr. Chisupo;*
- *Mnr. Kebbey;*
- *Ds. Griesel du Pisani en ds. Johan Scholtz;*
- *Nanna du Pisani;*
- *Mnr. Johnnie;*
- *Baas-motief;*
- *Diskriminasie/Rassisme/Onreg soos wat dit in die verhaal voorkom;*
- *Verhouding tussen Baas en Grace;*
- *magspel in die khuta.*

Agterin *MANAKA Plek van die Horings* word ook die volgende temas behandel:

- *Baas as buitestaander t.o.v. sy jeugjare, optrede teenoor die plaaslike inwoners, sendelinge, en sy uiteindelike karakterontwikkeling*
- *Nanna se aanpasbaarheid in kontras met haar man en haar verhouding met die mense van Barotseland.*

(iii) Die <u>VOORAF-gedeelte</u> oor die agtergrond van Baas Chipman is belangrik. Bestudeer dit baie deeglik. Daar gaan kort-kort terugverwys word na hierdie inligting, ook ten opsigte van verskille en ooreenkomste van Baas Chipman en sy oupagrootjie.

# INHOUDSVRAE OOR ELKE HOOFSTUK

(LU 2.1.1; LU 12.2.1.5;LU 12.2.1.6; LU 12.2.3.1;LU 12.2.4; LU 12.2.10; LU 12.3.1.4; LU 12.3.1.8;)

(Let Wel: die doel van hierdie vrae is om die leerder vertroud te maak met die fynere inhoud van die boek.

**HOOFSTUK 1** (bl. 17-24)

1. Watter primitiewe aanduidings van beskawing begroet Baas Chipman namate hy Manaka nader?
2. Wat is oor van die kliniek in Ngweze?
   (Terugskouend later in die verhaal sou 'n mens kon vra: waarom is die feit dat dit al is wat oor is van die kliniek, van belang vir Baas Chipman se ervarings in Manaka?)
3. Watter ooreenkoms is daar reeds tussen Baas Chipman en sy oupagrootjie as hy na die Ngonyenwaterval se massas water kyk?
4. Watter verwagting word geskep met die naam op die stuk sinkplaat: Manaka Evangelical Mission?
5. Watter treurige prentjie weerspreek egter die naam?
6. Onder die grootste worsboom ooit sien Baas Chipman 4 rye verrotte houtbankies. In watter opsig pas dit by die naam van die plek asook by die verval wat daar plaasgevind het?
7. Baas Chipman se honde speel deurgaans 'n belangrike rol in sy lewe. In watter opsig is die naam wat hy Lady noem, 'n bewys van die mate wat sy ouers in sy lewe gespeel het?
8. Waarom het sy neef gesê hy moet Lady met 'n Ierse Terriër kruis?
   (Terugskouend later in die verhaal sou 'n mens kon vra: is sy neef se woorde bewaarheid of was dit swak raak?)
9. Waarom is die een graf langs die wit kerkie verklarend van die toestand van die plek?
10. Watter moontlike verklaring, vanuit sy kennis oor die verlede, gee Baas Chipman vir die rif rondom die stam van die kersregop jakkalsbessieboom?
11. Baas Chipman se DROME is belangrik in die verhaal. Watter droom oor sy ma kenmerk sy eerste aand op Manaka?
12. Waarvan is die kettinkie met die kruisie simbool?
13. Watter herinnering teister hom as hy agterna dink aan dié droom?
14. Waarom het hy nie vir Ngwako in die hospitaal gaan kuier nie?
15. Watter verwyt dra hy in homself oor sy ouers se dood? Hoe besweer hy dié verwyt?
16. Waarom maak hy 'n afspraak met khuta? Wat is die uitslag van die vergadering met die khuta?
    (Later sou jy ook 'n oordeel moet kan maak ten opsigte van hoe die khuta hom uitgebuit het?)
17. Hoekom stem die khuta in om die grond aan Baas Chipman te verhuur?
18. Vir Baas Chipman is daar net een rede hoekom hy na Manaka toe gekom het. Wat is dit?

(Beantwoord nou eers die vrae oor dié hoofstuk agterin *Manaka* op bl. 253. )

**HOOFSTUK 2** (bl. 25-31)

1. Watter droom het Baas Chipman vir die landstreek? (kyk ook in die Vooraf-gedeelte.)
2. Hoe het hy homself "bewapen" met die nodige inligting voordat hy hiernatoe gekom het? (ook in die Vooraf-gedeelte.)
3. Watter inligting oor die Zambezi teken hy noukeurig aan?
4. Waaraan herinner die roep van die witkoluiltjie hom?
5. Waarom is Mongue se naam ook Plek van die Koning?
6. Watter positiewe teken dat hy wel met 'n boot op die Zambezi 'n toerbesigheid sal kan begin vind hy by Mongue?
7. Waarom gaan verken hy die grootste pontboot in Mongue?
8. Beskryf kortliks hoe hy Manuel ontmoet.
   (Terugskouend moet jy ook later kan oordeel in watter TWEE opsigte sy ontmoeting met Manuel sy eie lewe verryk het.)
9. Waarom is dit ironies dat Baas Chipman wel sy malariamedisyne vir Manuel se kind gee?
10. Watter gevaar hou dit vir Baas Chipman in dat hy wel sy malariamedisyne hier weggee?
11. Watter DROOM het hy wanneer hy dan uiteindelik weer gaan slaap? Waarom droom hy dit?
12. Watter droom/ideaal vertel Baas Chipman aan Manuel en in watter opsig sou hierdie droom ook Manuel se lewe kon raak?

(Die vrae oor die hoofstuk agter in *Manaka* word op vraag 1 na, reeds hier gedek. Jy kan gerus die antwoorde van hierdie vrae ook bestudeer.)

**HOOFSTUK 3** (bl. 32-40)

1. Hoe lank het Baas Chipman se eerste tog op die Zambezi geduur? Watter teleurstelling het hy ervaar voordat hy teruggedraai het Manaka toe?
2. Wat merk hy op omtrent die groot buffelbul? Waarom gee hy vir hom 'n naam? (Terugskouend: watter rol speel hierdie buffelbul uiteindelik in Baas Chipman se lewe?)
3. Waarom is die bougainvilleastomp by Manaka vir Baas Chipman so belangrik dat hy selfs die nuwe botsels daaraan oplet? Waarvan is die nuwe botsels hier simbolies?
4. Watter werk aanvaar Baas Chipman?
5. In watter opsigte gebruik Baas Chipman hierdie tyd om homself voor te berei vir sy latere togte op die Zambezi?
6. Watter aangename kindertyd-ervarings sluit baie sterk aan by Baas Chipman se wedervaringe op die Zambezi?
7. Watter belangrike inligting verskaf Mark James aan Baas Chipman?
   (Terugskouend: watter rol het Mark James in Baas Chipman se lewe gespeel – positief en dalk ook negatief.)
8. In watter opsig is die feit dat Baas Chipman voortdurend die kiaathoutplank skuur terwyl passasiers op en af klim, aansluitend by sy persoonlike ideaal?
   (Later sal jy ook die naam wat hy op die kiaathoutplank aanbring, moet kan evalueer.)

9. Die tyd wat hy op die Zambezi Joy werk, dien as voorbereiding vir sy eie ideaal. Verduidelik.
10. Watter vereistes moet sy eie boot hê?
11. Waarom is dit interessant dat Mark James elke keer invoeg: “Soos die Zambezi Joy” wanneer Baas Chipman sy eie boot met hom bespreek?
12. In watter opsig verskil Baas Chipman se droom oor so ‘n toerboot van dié van Mark James?
13. Watter voorrade koop Baas Chipman aan by Ngweze? Hoekom koop hy ‘n <u>groot</u> voorraad chlorokien by die hospitaal aan?
14. In watter opsig speel die trop buffels ‘n rol in Baas Chipman se gedagtes en drome?
15. Waarom is dit belangrik op dié stadium dat die wit kerkgeboutjie se dakplate en – balke, versterrame en deure verdwyn het?
16. Hoe het die hond Longwane aan sy naam gekom?
17. Waarom jag Baas Chipman hoofsaaklik op hierdie stadium?
18. Wat neem hoofsaaklik sy tyd in beslag?
19. Watter verwagting word geskep met die inligting dat die vleiskopers al hoe meer word?
    (Terugskouend: in watter opsig het hierdie vleisverkope negatief en positief op Baas Chipman se lewe ingewerk?)
20. Waarom is Mark James besonder beïndruk met Baas Chipman se jagvernuf?
21. Waarom kom die tyd van droom oor Baas Chipman se eie boot tot ‘n einde? Watter faktore dra by tot die beëindiging van die Zambezi Buffalo Transport?
22. Waarvoor laat Baas Chapman geld oorplaas uit sy bankrekening in SA na die bank in Ngweze?
23. Watter ekstras is alles ingesluit in die koopprys van die boot?
24. Hoe beplan Baas Chapman om sy fondse aan te vul in die tyd dat hy nie ‘n inkomste het nie, terwyl hy sy boot regmaak?
25. Wat is sy naam vir die boot?

**HOOFSTUK 4** (bl. 41-51)

1. Wat is al wat vir Baas Chipman saak maak as hy siek is aan die koors?
2. Wat veroorsaak dat hy aan sy ma se strelende hande dink?
3. Hoekom sit Grace by hom as hy bykom?
4. Watter funksies het sy alles vervul tydens se siekte?
5. Waarom was sy die enigste wat vir hom kom help het?
6. In watter opsig is Baas Chipman se goedhartigheid hier tot sy eie nadeel?
7. Watter uitlatings van Ouma Essie ten opsigte van Baas ontstel hom?
8. Wat, sê Baas, is die enigste rede waarom hy in Manaka is?
9. Waarom, volgens Grace, is Ouma Essie reg as sy sê Baas Chipman is ‘n Christen?
10. Hoe help Grace verder dat hy gesond kan word?
11. Watter tekens is daar kort-kort dat Grace eerlik is?
12. Noem en verduidelik Grace se tradisionele naam.
13. Wat beteken mnr. Chisupo se naam? Watter aanduidings kry ons dat daar nie ‘n goeie verhouding tussen mnr. Chisupo en die res van die mense bestaan nie?
14. Waarom moet mnr. Kebbey vir Baas Chipman hospitaal toe neem, volgens ouma Essie?

15. Watter rol vervul Grace ook by hospitaal ten opsigte van Baas Chipman se siekte?
16. Watter reëllings het Grace getref vir hulle teruggaan huis toe?
17. Verduidelik Baas se woorde aan Grace ten opsigte van Whitey: “dan noem jy hom ook seker ‘n Christen”. (bl. 49)
18. Waarom sê Ouma Essie aan mnr. Kebbey dat hy sy broer Jos moet laat kom, nadat hulle die siek vrou in haar hut ingedra het?
19. Hoe pas die siek vrou in Grace se familie in?

(Raadpleeg ook die vrae op bl. *255* van Manaka asook die antwoorde van hierdie vrae.)

**HOOFSTUK 5** (bl. 52-59)

1. Uit wie bestaan die khuta, wat die besluitnemers van die plaaslike inwoners is?
2. Beskryf kortliks die gebruike in die stam ten opsigte van mans en vroue.
3. Hoe lank was Manaka nou sonder ‘n sendelingpaar?
4. Hoe verskil die khuta se sienswyse van ‘n kerk van ds. Scholtz s’n?
5. Hoe sal Ds. Du Pisani en sy vrou ‘n bydrae kan lewer tot die gemeenskap?
6. In watter opsigte kom Ds. Scholtz se bynaam kort-kort na vore in die gesprek?
7. Hoe verduidelik mnr. Kebbey die khuta se sienswyse ten opsigte van die gelde wat betaal moet word?
8. In hoe ‘n mate word die stam se sienswyse van die mense wat wit is, in die onderhandelings weerspieël?
9. Wat is die finale bedrag wat deur die kerk aan die hoofindoena betaal moet word?
10. Hoe lank het Baas Chipman op die pontboot gewerk?
11. Hoe lank na Baas Chipman se aankoms kom die sendelinge nou ook na Manaka?
12. Waarom is die bedrag wat die kerk vir die kerkgeboue moet betaal, ironies?
13. Verduidelik hoe die khuta se inhaligheid ook ten opsigte van Grace na vore kom. (Let Wel: hierdie verduidelikings oor wie Grace is, moes jy mos in jou notas oor Grace ingesluit het. Hou jy nog jou notas op datum?)
14. Let op hoe die khuta, as gevolg van sy magsposisie, die kerk wil uitbuit. Verduidelik hoe dit na vore kom in die melding van ‘n viertrek-voertuig.
15. Waarom is dit insiggewend dat ds. Griesel sy hande was as hy by sy voertuig kom? (en dan boonop met sy eie water?)

(Verdere vrae oor hierdie hoofstuk vind jy op bl. 256 van die teksboek.)

**HOOFSTUK 6** (bl. 60-64)

1. Onderaan bl. 62 vererg Baas Chipman hom vir die feit dat almal van hom verwag om net te gee en te gee, terwyl hy sopas sy laaste geld getrek het. Waarvoor het hy alles betaal in Ngweze terwyl en na hy in die hospitaal was?
2. Watter grief bars oop as hy uitvaar teen die mense wat heeltyd net verwag dat hy moet help?
3. Met watter vraag van Grace (wat terloops ook later soos ‘n refrein weer na vore kom) probeer sy hom help om sy prioriteite in die lewe reg te kry?

(Ekstra vrae oor hierdie hoofstuk kry jy op bl. 257)

**HOOFSTUK 7** (bl. 65-75)

1. Kontrasteer Nanna se siening van die ervaring by die khuta en op pad na Manaka met dié van haar man, ds. Griesel du Pisani.
2. Watter verwagting het hulle volgens die sketse wat hul in Grootfontein gesien het, oor hoe hulle blyplek sal lyk?
3. Hoe verskil die realiteit van hierdie verwagting?
4. Skets kortliks hulle ontmoeting met mnr. Johnnie.
5. Hoe word die verskille tussen Nanna en ds. Griesel ook met hierdie ontmoeting geïllustreer?
6. Waarom huil Nanna oor die pampoen wat sy as geskenk kry?
7. In watter opsig word Nanna al reeds hier uitgebeeld as die een wat gemakliker in die gemeenskap gaan aanpas?
8. Motiveer Ouma Essie se warm verwelkoming van die Du Pisani's en oom Scholtzie.
9. Watter 3 artikels van muluti Joseph word nou deur Oums Essie gebruik?
10. Let op hoe gemaklik drink Oom Scholtzie en Ouma Essie saam aan die Old Brown sjerrie. Let op hoe gemaklik is die verhouding tussen hulle twee. Wanneer was die laaste keer dat hulle so saam gedrink het?
11. Watter bron van inkomste het Ouma Essie en Grace?
12. Weer eens is die kontras tussen ds. Griesel du Pisani en sy vrou opmerklik. In watter opsig word sy dubbelstandaarde in sy optrede uitgebeeld?
13. Verduidelik hoekom ons kan aflei dat daar 'n afstandsverhouding tussen die sendeling en sy vrou bestaan.
14. Wie is die mense op die foto in die slaaphut?

(Die addisionele vrae oor die hoofstuk op bl. 257 is 'n MOET vir jou om deur te werk, veral as jy nog nie weet wat DRAMATIESE IRONIE is nie.)

**HOOFSTUK 8** (bl. 76-87)

1. Waarmee is mnr. Chisupo langs die kerk se muur besig?
   (Vooruitwysend: waarom is dié handeling bedreigend tot die voortbestaan van die kerk?)
2. Verduidelik hoe mnr. Chisupo die bok in die hande gekry het.
3. Grace se kinderlike geloof kom ook na vore terwyl hulle mnr Whitey en sy lorrie wag. Verduidelik.
4. Die weerlig en stormweer is vir Baas Chipman ontstellend. Waaraan herinner dit hom?
5. Grace verwyl die tyd deur vir Baas Chipman iets van haar eie lewe te vertel. Hoe is haar ouers oorlede? Watter gevolge het haar ouers se dood vir haar en haar familie gehad?
6. Mnr. Whitey gee aan hulle 'n geel reënbaadjie omdat hulle agterop die lorrie moet sit. Bespreek die ironie in Baas se gebruik van die reënbaadjie.
7. Watter onaangename verrassing wag vir Baas Chipman by Manaka?
8. Weer eens tree Grace op as die voorsiener vir die mense wat wit is, die volgende oggend as hulle wakker word. Verduidelik.
9. In watter opsig speel oom Scholtzie op Baas Chipman se gevoel as hy voor ete bid?

10. Hoe reageer Baas Chipman teenoor die stampolisieman wat kom sê die khuta wil hom spreek? Hoekom?

**HOOFSTUK 9** (bl.88-100)

1. Hoe verdedig Grace Baas Chipman se humeurigheid oor die mense wat sommer sy plek ingeneem het?
2. Bespreek kortliks hoe sterk mnr. Chisupo se invloed op die mense van die gemeenskap is.
3. Waarom het Johnnie, ten spyte van mnr. Chisupo se waarskuwings, by die Du Pisani's kom werk vra?
4. Ook mnr. Johnnie dink dat Baas Chipman 'n christen is. Wat is Johnnie se siening van wie 'n christen is?
5. Hoekom moet Grace Baas Chipman se mond toedruk as Johnnie hom as 'n christen beskryf?
6. Om watter twee redes wil Grace vir Baas Chipman help?
7. Wat dink Grace, hoekom hoekom het Baas Chipman op Manaka beland?
8. Beskryf kortliks hoe Grace en Nanna se verhouding stelselmatig verbeter en hoe albei vroue die oplossing vir die konfliksituasies word.
9. Watter waardevolle les leer Grace vir hulle oor hoe jy mense moet behandel.

(Aanvullende vrae oor die hoofstuk: bl. 258)

**HOOFSTUK 10** (bl. 101-114)

1. Verduidelik hoekom Baas Chipman en Nanna verskillend reageer as hulle mekaar by die wasplek in die rivier raakloop.
2. In watter opsig stem Baas Chipman en mnr. Chisupo saam oor die mense wat wit is wat nou op Manaka is?
3. Op watter manier wil Baas Chipman graag die situasie by sy blyplek ontvlug?
4. Wat is mnr. Johnnie se siening van die khuta? In watter opsig word die sienswyse versterk deur die khuta se optrede tot op hierdie stadium in die verhaal?
5. Waarom wil Baas Chipman die mense weg hê?
6. Waarom wil mnr. Chisupo die mense weg hê?
7. Die liedjies wat Nanna vir die kinders met die kitaar sing, herinner Baas aan sy ouers. Verduidelik.
8. Waarom wil Baas Chipman nie hê Nanna moet houtbankies onder die worsboom bou nie?
9. In watter opsig is daar 'n ooreenkoms in Baas en Griesel se ongemaklikheid met hul huidige situasie?

**HOOFSTUK 11** (bl. 115-127)

1. Waar word oor die konfliksituasie tussen Baas Chipman en die Du Pisani's beslis?
2. Ouma Essie is van mening dat die Here lank gelede al beslis het dat daar sendelinge op Manaka moet wees. In watter opsigte is haar eie lewe getuienis daarvan?
3. Watter rol het Baas Chipman se oupagrootjie in die vestiging van 'n sendingstasie op Manaka gespeel?
4. Wat is die oplossing vir die verblyfprobleem van die Du Pisani's?
5. Weer eens is dit die vroue wat oplossinggewys dink. Baas wil hê mnr. Johnnie moet saam met hom gaan jag, maar Ouma Essie-hulle benodig sy hulp vir die sny van gras vir die kerk se dak. Watter oplossing bied Nanna?
6. Terugskouend: hoekom is Nanna so opgewonde oor die grasdad?
7. Van watter belang is dit dat Ouma Essie aan Baas Chipman 'n lyfband van gevlegte voorslagriempies gee?
8. Watter houtbankies se oorblyfsels is tans onder die worsboom?
9. Hoe het Baas Chipman se oupagrootjie aan die naam Baas gekom?
10. Watter interpretasie heg Ouma Essie aan Baas Chipman se ideaal om 'n boot te bou?
11. Wat is ironies aan die ou vrou wat kom kos bedel?
12. Watter redes voer Grace aan hoekom Baas Chipman nie daardie dag voor die khuta kan verskyn nie?
13. Waarom wil die khuta met Baas praat, volgens Grace?
14. Watter verklaring gee Grace vir die feit dat Baas Chipman so kwaad word oor al die mense wat na hom stroom vir hulp?
15. Die troetelnaam wat Baas Chipman weer vir Lady gee, dui op sy verlange na sy eie ma. Verduidelik. (Watter rol speel Grace moontlik in hierdie herinnering aan sy ma?)

(Die vrae op bl. 260 lig veral Grace se toenemende rol in Baas se lewe uit.)

**HOOFSTUK 12** (bl. 128-141)

1. Waaroor is Ouma Essie baie ongelukkig in die begin vandie hoofstuk?
2. In watter omstandighede het Riekert en Ouma Essie ontmoet?
3. Watter private saak wil Riekert met Baas Chipman bespreek?
4. Watter motivering gee Riekert vir Baas Chipman om by sy onwettige bedrywighede betrokke te raak?
5. In watter opsigte kom Riekert se rassistiese en afbrekende siening van die plaaslike bevolking na vore?
6. Bespreek kortliks die ironie in Riekert se handeling om die dik rol SA note uit te haal en aan Baas Chipman te sê hy moet aan Ouma Essie geld oorhandig uit dankbaarheid vir die week wat hy by hulle kon gebly het.
7. Vooruitwysend: in watter opsig kan Baas Chipman later in die roman die inligting oor Riekert wat hy hier opdoen, weer gebruik?
8. Watter rol speel Longwane in Baas Chipman se lewe?
9. Watter verklaring het mnr. Johnnie vir sy swaarkry?
10. In watter opsig kry mnr. Johnnie swaar?
11. Wat, sê Nanna, maak van 'n mens 'n Christen?

12. In watter opsig is Baas Chipman en Griesel du Pisani eintlik dieselfde, volgens Nanna?

(Veral die vergelyking tussen mens en vlakvark in die vrae op bl. 260 is baie insiggewend.)

**HOOFSTUK 13** (bl. 142-151)

1. Die verwysing na Fires voortdurend in Baas Chipman se terugflitse skep die idee dat hulle ‘n spesiale verhouding gehad het. Watter ironiese inligting kry ons egter hier oor die keer toe hy haar wel gaan opsoek het?
2. Die verwagting word geskep dat die twee ou vrouens by mnr. Chisupo een van sy aanhangers is. Wat kom maak hulle egter op Manaka?
3. As Nanna vir Baas Chipman waarsku dat Brindle vir Briekwa gaan doodmaak, antwoord hy: “Dit is nie in sy aard nie.” Hoe word Baas Chipman later verkeerd bewys?
4. Waarom het hy behoefte om aan sy ma en pa te vra wat van ‘n mens ‘n Christen maak?
5. Waarom wys mnr. Chisupo nie vir Baas Chipman vinger nie, volgens mnr. Johnnie? (Let egter op dat hy wel vir Ouma Essie wat ook die Profeet van die Bybel genoem word, vinger wys. Watter afleiding kan ‘n mens hieruit maak?)
6. Watter afleiding kan ons maak van Griesel du Pisani se karakter uit die feit dat sy oornagtas op Baas Chipman se bed is nadat ds. Scholtz vir Baas kom vra het of Griesel nog een aand by hom mag oornag?

   (Die vraag en antwoord op bl. 261 oor Baas se vergelyking tussen Fires en Nanna, asook sy uiteenlopende gedagtes daarna, verdien deeglike aandag.)

**HOOFSTUK 14** (bl. 152-163)

1. Tot nou toe is Griesel du Pisani as ‘n baie ontoeganklike, afsydige mens uitgebeeld. Watter diep menslike feite oor hom as mens verras Baas Chipman?
2. Watter diep menslike emosie kom na vore as Griesel aan Baas Chipman sê: “Los my vrou uit”?
3. Watter antwoord kry Baas Chipman van Griesel op sy vraag: “Wat maak van ‘n mens ‘n Christen?”
4. Waarom wil Baas Chipman weet of ‘n goeie mens en ‘n Christen dieselfde ding is?
5. Watter opdragte kry ds. Scholtz voordat hy Manaka verlaat?

(Die herinneringe wat met die voorbereiding tot die Nagmaal en tydens die Nagmaal deur Baas Chipman speel, asook die waarheid oor Ouma Essie se Bybel wat nat geword het, word deeglik in die vrae op bl. 261 bespreek.)

**HOOFSTUK 15** (bl. 164-171)

1. Waarom is dit uiters gepas dat die khuta se vergadering by Fumi plaasvind?
2. Op watter slim wyse fnuik Ouma Essie die khuta in hulle planne om ook uit Grace as tolk geld te maak?
3. Vanuit die agtergrond-inligting oor die rol van die vrou in die swart gemeenskap gesien, waarom duld die khuta Ouma Essie se buitengewone spraaksamigheid?
4. Watter verwyt het Ouma Essie teenoor die khuta?

5. Watter bewyse voer sy aan dat die khuta hul christelike waardes verloor het?
6. Die uitbuiting van die mense wat wit is deur die khuta word weer eens duidelik gesien in hulle gesprek met Baas Chipman. Verduidelik.
7. Waarom doen Baas Chipman nie eens die moeite om hulle te antwoord nie?
8. Vooruitwysend: Die verwysing na die Twelve o'clock Canal laat Baas Chipman totaal in die duister. Van watter belang is die kanaal vir Baas in sy soeke na inligting oor sy oupagrootjie? (die vraag sal jy eers later, as jy hoofstuk 16 gelees het, kan beantwoord.)
9. Wat is die uiteinde van die gesprek tussen Ouma Essie, Baas Chipman, Nanna du Pisanie en die khuta?

(Veral die uitbuiting van hul eie mense asook ander mense is 'n belangrike tema in hierdie hoofstuk, soos ook uitkom in die vrae op bl. 262.)

**HOOFSTUK 16** (bl. 172-179)

1. Grace is voortdurend besig om stilweg, op die agtergrond, aan sake wat vir Baas Chipman belangrik is, aandag te skenk. Kyk byvoorbeeld hoe sy telkens na die honde omsien, hulle kos kook, ens. Watter skynbaar onbenullige gebaar merk Baas Chipman op as hy sy slaaphut binnegaan?
2. Wat bedoel Baas Chipman met die woorde aan sy oupagrootjie: "Jy wen, Baas Dennis."
3. Watter interessante feite gee mnr. Whitey aan hom oor die Twelve O'clock Canal?
4. Watter belangrike lewensles kan Baas Chipman moontlik uit hierdie vertelling leer?
5. Hoekom is dit van belang dat hy juis op hierdie tydstip van sy lewe hierdie verhaal hoor?
6. Hoe was Baas Dennis ook Whitey se oupagrootjie?
7. Waarom is Whitey se van dan Dennis, terwyl Baas s'n Chipman is?
8. Watter ooreenkomste is daar tussen mnr. Johnnie se dilemma en die agtergrondgebeure van Baas Dennis, voordat hy Manaka verlaat het?
9. In watter opsig was Ouma Essie reg toe sy gesê het die Here het lank gelede met Baas Dennis se koms al besluit Manaka moet 'n sendingstasie wees?
10. Watter ooreenkoms met Whitey het Baas Chipman ook, wat deur Whitey as 'n "familiekwaal" afgemaak word?
11. Ook Whitey se reaksie oor Riekert toon ooreenkomste met dié van Baas Chipman. Verduidelik.

(Die ekstra vrae oor die hoofstuk vind jy op bl. 262 van Manaka.)

**HOOFSTUK 17** (bl. 180-190)

1. Op watter vorige geleentheid het Grace ook vir Baas gevra: "As daar een ding is wat jy kan kies om klaar te maak …?"? Wat het hy toe geantwoord?
2. Watter groeiproses bespeur ons in Griesel se reaksie na hy vir Baas gevra het: "Gaan jy weg?"
3. Van watter belang is die onderstreepte Bybelvers in sy ma se Bybel by Joh. 3:16?
4. In watter opsig is die rede vir Baas Chipman se kwaad-wees as Grace hom medisyne kom vra vir mnr. Mosko se ma, verskillend van vorige kere?
5. Watter herinneringe wek Ouma Essie se tuin by Baas op?

6. Waarom vererg Baas Chipman hom vir mnr. Kebbey se optrede teenoor die jong reuntjie?
7. Watter belangrike inligting verneem Baas Chipman van mnr. Kebbey?
8. Op watter wyse probeer mnr. Kebbey al weer vir Baas Chipman uitbuit, ook dié situasie?
9. In watter opsig dui mnr. Kebbey se plan om met Grace te trou verder op sy hebsug en magswellus?
10. Hoekom is Tibelelo nooit getroud nie? In watter opsig kan ‘n mens die betekenis van haar naam hieraan koppel?
11. Waarom wil Nanna nie hê Baas Chipman moet terugloop Manaka toe nie?

(Kyk ook na die vrae op bl. 262.)

**HOOFSTUK 18** (bl. 191-200)

1. As Baas Chipman huis toe loop nadat mnr. Mosko se ma dood is, word hy geteister deur baie gedagtes. Skryf die gedagtes kortliks onder mekaar neer.
2. Waarom het mnr. Chisupo hom nie verset toe Baas hom uit die hut verwyder het nie?
3. Watter afleiding het Riekert oor Baas Chipman se boot gemaak toe hy gesê het hy moenie skuldig voel oor die naam wat hy vir die boot gegee het nie?
4. Grace se rol in Baas Chipman se lewe vergroot? Waarom neem sy die slaghuis se vleisverkope oor?
5. Hoe beplan Baas Chipman om die khuta te betaal vir die slaghuisbedryf op Manaka?
6. Uit watter 3 hoofgedagtes bestaan Mnr. Jos se gebed by die begrafnis basies?
7. Nanna se invloed op Grace se lewe is sigbaar in veral die liedere wat sy sing en die feit dat sy die kitaar begin bespeel. Watter assosiasie het Baas Chipman met die lied wat Nanna sing terwyl die graf toegegooi word?

(Die vrae op bl. 263 konsentreer hoofsaaklik op die verskil in tradisionele gebruike en die christelike geloof. Dit kan jou loon om die antwoorde op die vrae ook deeglik te bestudeer.)

**HOOFSTUK 19** (bl. 201-212)

1. Wat is Ouma Essie se antwoord op die vraag: “Wat maak van jou ‘n Christen?
2. Van watter belang is die feit dat Baas Chipman Ouma Essie se woorde oordink dat die kinders van die Here die drome droom wat die Here hulle gee om te droom?
3. In watter opsigte speel Grace ‘n al hoe groterwordende rol in Baas Chipman se lewe?
4. Verduidelik kortliks hoe Ouma Essie haar rol as tolk vir ds. Griesel “misbruik”.
5. In watter opsig is die betaling van mnr. Johnnie se skuld aan sy skoonfamilie vir Baas Chipman ‘n regstelling van ‘n onreg uit sy eie verlede?
6. Watter aanduidings is daar dat die mense uit die gemeenskap om verkeerde redes na die kerkdienste toe kom?
7. Watter krisis beleef mnr. Johnnie ten opsigte van sy persepektief oor die duiwel?
8. Waarom wil mnr. Johnnie nie die bok se kop aan die ou man wat deur sy skoonpa weggejaar is, gee nie?
9. Waarom is dit ironies dat mnr. Johnnie se skoonpa die ou man so sleg behandel?

10. Hoe kry mnr. Kebbey die geld om met Grace te trou in die hande?
11. Hoe gaan ‘n troue met Grace mnr. Kebbey se status in die gemeenskap verhoog?
12. Toe Baas Chipman die eerste keer op Manaka aangekom het, het hy die riwwe om die kremetartboomstam opgemerk.
12.1 Watter moontlike verklaring het hy toe vir die riwwe gehad?
12.2 Watter verklaring het hy nou vir die riwwe?
13. Waarom kerf hy sy oupagrootjie se naam op die kremetartboom oop en daarna ook sy eie naam?
14. Watter aanduidings kry ons in die hoofstuk dat Griesel siek is?

(Op bl. 263 word veral die vraag oor die simboliek van die horings op Manaka gevra en bespreek.)

**HOOFSTUK 20** (bl.213-221)

1. Watter skok wag vir Baas Chipman by sy werkswinkel?
2. Wat het van die diesel geword? (Dit word eers in hoofstuk 21 duidelik.)
3. Waarom lê die hele wêreld vol spykers?
4. Waarom kom soek mnr. Kebbey vir Grace by Baas Chipman?
5. Waarom het sy nie die vorige aand by die huis geslaap nie?
6. Wat kom soek mnr. Riekert weer op Manaka?
7. Watter verskonings voer mnr. Kebbey aan hoekom hy nie aan Grace al die geld wat hy geleen het, hoef terug te betaal nie?
8. Waarvan beskuldig mnr. Kebbey vir Baas Chipman in sy gesprek met Grace?
9. Waaroor verwyt Grace vir mnr. Riekert?
10. Waarvoor word mnr. Riekert in hegtenis geneem?
11. In watter opsig is mnr. Kebbey skielik ook onder verdenking?
12. As hulle wonder wat van die diesel geword het, sê mnr. Johnnie dat dit miskien iemand is wat nooit slaap nie. Na wie verwys hy hier?
13. Hoe weet Grace dat mnr. Kebbey nie die nuwe hoofindoena is nie?
14. Waar het Grace die vorige nag geslaap?
15. Hoe verseker Baas Chipman dat Grace daardie nag veilig is?

(Die vrae op bl. 263 fokus veral op mnr. Riekert as deurtrapte skelm.)

**HOOFSTUK 21** (bl. 222-230)

1. Baas Chipman en mnr. Whitey se verhouding verbeter stelselmatig. Bespreek kortliks hoe albei moeite met die ander een doen.
2. Ook Whitey koester sekere besittings van sy oupagrootjie. Bespreek.
3. Beide Whitey en Baas Chipman wonder oor hulle oupagrootjie. Verduidelik.
4. Beide Whitey en Baas Chipman loop gevaar om deur mnr. Kebbey uitgebuit te word. Verduidelik.
5. Toe Baas Chipman vroeër teenoor Grace uitgevaar het dat swart mense sy ouers vermoor het, het sy hom net aangehoor. Watter skokkende inligting gee sy nou aan hom oor wie haar ouers vermoor het?
6. Waarom gee Baas Chipman die Bybel vir Whitey?
7. Van watter belang is dit vir Baas Chipman se geestelike worsteling dat hy die Bybel vir Whitey gee?
8. Waarom word die kerk en al die Du Pisani’s se besittings afgebrand?

10. Watter gevolg het die afbrand van die kerk vir die Du Pisani's? (later in die roman)
11. Watter afleiding maak Whitey as mnr. Kebbey nie tuis is nie?
12. Van watter belang is Grace se woorde oor mnr. Chisupo: "Niemand het genoeg vir hom omgegee nie." In watter opsig is dit ook 'n aanklag teen haarself?
13. Watter antwoord gee Grace nou vir Baas Chipman oor wat van jou 'n Christen maak?
14. Watter tweede skok wag vir Baas Chipman by Manaka?

(Ekstra vrae oor die hoofstuk op bl. 264)

**HOOFSTUK 22** (bl. 231-235)

1. Waarom gaan soek hulle die boot by en naby die waterval?
2. Waarom sê hulle aanvanklik net vir Ouma Essie en Nanna dat die boot weg is? Niks van die kerk wat afgebrand het nie?
3. Wat is ironies aan die brief wat Ouma Essie vir Baas Chipman van sy neef af saambring?
4. Wat bedoel Ouma Essie met die woorde: "Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie?"
5. Waarom het Griesel nie saam met hulle teruggekom na Manaka toe nie?
6. Baas Chipman wonder oor Whitey se verwysing na hulle familiekwaal. Watter familiekwaal het hulle? Hoekom wonder Baas hier of dit is hoe die familiekwaal werk?
7. Watter geskenk bring Nanna vir hom van Ngweze af?
8. Waarom ry sy uiteindelik in die nag daar weg?

(Die hoofstuk bring ook die afskeid van die Du Pisani's van Manaka. Ook die vraag op bl. 264 handel hieroor.)

**HOOFSTUK 23** (bl. 236-246)

1. Waarom gaan jag Baas Chipman die buffelbul, Morena, alleen?
2. Hoe word die buffelbul nie net die losprys vir mnr. Johnnie se vrou en kind nie, maar ook die vereffening van skuld uit Baas Chipman se verlede?
3. Alhoewel Brindle en Briekwa, sy reunhonde, nou albei dood is, gaan die tradisie van 'n Ierse terriër saam met 'n Chipman voort. Verduidelik.
4. Baas Chipman wonder hoekom die seremonie van die inhuldiging van die nuwe hoofindoena juis op Mubuyu gehou word. "Hoekom nou skielik vir Ouma Essie omgee?" Waarom wonder hy dit? Verwys na gebeure vroeër uit die roman wat juis die teendeel uitwys.
5. Wie is die nuwe hoofindoena? Waarom is dit goeie nuus vir Ouma Essie en Grace?
6. Die inhuldiging word die afsluiting van baie onafgehandelde sake. Ook die uitstaande skuld tussen Grace en Baas Chipman word vereffen. Verduidelik.
7. Die Du Pisani's se weggaan asook Ouma Essie vererger Baas Chipman se eie geestelike stryd. Verduidelik.
8. Bespreek kortliks die inhoud en waarde van Baas Chipman se eerste gebed.
9. Op hierdie stadium, waar Baas Chipman homself ook geestelik georiënteer het en gevind het, val alles uiteindelik in plek. Watter rol speel Whitey in die voortbestaan van Baas se aanvanklike droom en doel hoekom hy Manaka toe gekom het?

10. Wat is die implikasie daarvan dat Baas Chipman vir Grace aansê om hom nie weer as mnr. Baas aan te spreek nie?
11. Bespreek kortliks die simboliek daarin dat Baas en Grace "agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af loop om na die boot wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het te gaan soek."
12. Bespreek kortliks hoe die naam Baas in die Chipman-familie ontstaan het en hoe die naam aan die einde van die roman 'n betekenisverandering ondergaan het.

(Die vrae oor die hoofstuk op bl. 264-265 is belangrik!)

**EKSTRA VRAE:**

1. Watter **soort verteller** kry ons in die roman?
2. Wat is die voordeel van hierdie tipe verteller in so 'n roman?
3. Verduidelik kortliks die **plot of intrige** van hierdie roman.
4. Omskryf die volgende **karakters** se persoonlikhede volgens hoe hulle optree en praat kortliks in 'n paar woorde:

Baas Chipman
Whitey
Grace
Ouma Essie
Riekert
Kebbey
Ds. Griesel du Pisani
Nanna du Pisani

5. Op watter maniere kan karakters in 'n roman uitgbeeld word?

6. Beskryf kortliks die **karakterontwikkeling** wat plaasgevind het by:

Baas Chipman
Ds. Griesel du Pisani

7. Volgens Whitey moet die **ruimte** waarbinne hulle hul bevind 'n uitwerking op hulle as mens hê. Watter uitwerking het dit moontlik op hul oupagrootjie gehad?
8. Formuleer kortliks 'n moontlike **tema** vir die roman.
9. Wat is die **vertelde tyd** van die verhaal?
10. Wat is die **verteltyd** van die verhaal?
11. Watter **uiterlike konflik** vind ons in die roman?
12. Van watter **innerlike konflik** is hier sprake by die hoofkarakter?
13. Omskryf kortliks die **afloop** van die roman.

## HOOFSTUKVERWYSINGS NA ENKELE TEMAS:

### 1. Mnr. Chisupo en die invloed wat hy op die mense uit die gemeenskap uitoefen:

(Let Wel: hy regeer deur toorkrag en bygelowe, manipulering van mense se vrese.)
**Hoofstuk 4**: Mnr. Chisupo wil nie hê die mense moet vir Baas kom help nie. Grace wonder of Mnr. Daaimon hom nie gestuur het om die mense bang te maak nie. Sy bynaam is Die Een wat met die Vinger wys. Hy word ook genoem: Die Een wat nooit slaap nie.
**Hoofstuk 8:** Mnr. Chisupo verbrand die bokkop langs die kerk se muur. Ouma Essie se bok is deur Kebbey aan hom gegee uit vrees dat hy hulle sal doodmaak of gebreklik toor. Hy moes die bok betaal het omdat hy Baas en Tibelelo na die hospitaal vervoer het.
**Hoofstuk 9**: Mnr. Johnnie gee die meeste inligting oor mnr. Chisupo: Mnr. Chisupo regeer met vrees. Die mense weet van sy sterk medisyne, en vrees hom omdat hy nooit slaap nie. Hy het nie ‘n huis nie, maar dwaal bedags en snags alleen in die veld met voorwerpe wat hy altyd saamdra soos ‘n stok, ‘n bondel gras, ‘n beeshoring of ‘n kopbeen. Die mense sê hy is ‘n dokter wat jou kan gesond maak met sy sterk medisyne. Ander sê hy is muloi, hy kan jou toor of jou ‘n sehole maak (iemand wat gebreklik is). Die mense glo as jy hom ‘n bok of ‘n hoender betaal, kan hy iemand waarvan jy nie hou nie, skade aandoen, selfs doodmaak vir ‘n bees. Hy regeer met vrees. Die feit dat Baas gesond geword het, het die mense oortuig dat sy krag sterker as Chisupo s’n is.
**Hoofstuk 10**: Mnr Chisupo wil die witmense weg hê, want hulle steel sy krag. Hulle maak hom ongeloofwaardig en dit veroorsaak dat die gemeenskap hulle nie meer deur hom laat intimideer nie.
**Hoofstuk 13**: Ouma Essie bestorm mnr. Chisupo met haar kierie onder die wildevyeboom. Hy wys vir haar Die Vinger, maar sy klap sy hand weg en wys vir hom ook haar vinger. Hy hardloop weg toe Longwane hom bestorm en terugjaag na Baas toe. Mnr. Johnnie sê Chisupo is bang vir Baas, daarom probeer hy nie Die Vinger na hom wys nie. Hy weet die krag wat in Baas is, is groter as sy eie krag. Ouma Essie sê hy is nie van die Here nie.
**Hoofstuk 18**: Hoofindoena Daaimon laat mnr Chisupo na sy ma wat siek is, kom. Hulle probeer Ouma Essie uit die hut verwyder, maar Baas tel Mnr. Chisupo op en dra hom sonder enige teenstand buitentoe. Mnr. Chisupo loop stil weg.
**Hoofstuk 20**: Mnr. Chisupo steel diesel.
**Hoofstuk 21**: Mnr. Chisupo brand die kerk af. Die vermoede bestaan dat hy ook verantwoordelik is vir die boot se ankertoue wat afgesny is sodat die boot ook verdwyn. Longwane bestorm hom en jaag hom terug na Baas toe, maar Mnr. Chisupo storm op volle vaart met sy goiingsak onder die arm en knipmes in die hand reguit die vlamme in. Dit is ironies dat Grace dan sê: “Niemand het genoeg vir hom omgegee nie.” “n Aanklag teen haarself en die res van die gemeenskap.

## 2. RASSISME EN DISKRIMINASIE:

**Rassisme veral by Riekert:**
**Hoofstuk 12:** Riekert se woorde "Vir my lyk hulle almal eenders", is tipies van die minagtende houding waarmee hy na die swartmense kyk. Ook sy woorde: "hier rond vat die ouens maar almal so 'n lekseltjie roet deur die draad". Die R5-munt wat hy vir Ouma Essie stuur vir 'n week se verblyf is net so 'n belediging vir haar gasvryheid toe hy gestrand was. Selfs sy kommentaar oor Baas se boot se naam dat hy hom nie moet skaam vir sy boot se naam nie, sluit hierby aan.
**Hoofstuk 13**: Grace verwyt vir Riekert bv. dat hy haar probeer verkrag het in die tyd toe hy van Ouma Essie se gasvryheid gebruik gemaak het "want sy is net 'n meid", nadat hy haar dae lank probeer verlei het met mooi woorde oor hy mooi sy is en hoe hy haar begeer.

**Diskriminasie teen die vrou:**
**Hoofstuk 5:** Nanna mag nie by die manne sit terwyl hulle vergadering hou nie, mag nie saampraat nie. Daar word ook namens Grace besluit dat sy as tolk sal optree en dat haar geld aan die hoofindoena betaal sal word.
**Hoofstuk 15**: Nanna en Ouma Essie oortree die tradisie van die khuta deur die vergadering toe te spreek. Kebbey probeer vir Ouma Essie verskoning maak deur te sê sy is die Profeet van die Bybel en Hoofindoena Daaimon se skoonma.
Ouma Essie en Grace is selfs teen hul sin uit hul huis by die kerk verskuif – 'n bewys dat die vrou van daardie tyd geen sê gehad het nie.
**Hoofstuk 17**: As Baas kwaad is omdat Grace hom in die nag moet kom roep omdat Mnr. Daaimon se skoonma siek is, sê sy net: Om gestuur te word is 'n vrou of 'n kind se werk. Daar is ook aanduidings dat Kebbey met Grace wil trou om sy posisie in die stamorde te verstewig – en sy het geen sê daaroor nie. As hy die geld bymekaar kan kry, kan hy haar kry.

**Uitbuiting van die witmense:**
**Hoofstuk 1**: Die khuta beslis oor die bedrag wat Baas vir Manaka moet betaal. En dit word aan hom toegeken omdat die grond nie geskik is vir landbou nie en niemand anders daarin belangstel nie.
**Hoofstuk 2**: Hy help Manuel se siek kind met sy laaste malariamedisynel
**Hoofstuk 3**: Hy koop ook mieliemeel en suiker vir Manuel en sy gesin as hy vir homself kos koop in Ngweze. Hy verkoop vleis aan die mense uit die gemeenskap, maar gee ook vleis op skuld (waarvan hy die geld nooit kry nie.)
**Hoofstuk 4**: Hy word self siek, maar word deur Grace verpleeg omdat hy haar gehelp het. Sy reël dat hy by die hospitaal kom vir hulp. In Ngweze vra sy geld vir 'n ekstra stel klere.
**Hoofstuk 5**: Die khuta sien die kerk as 'n besigheid, ook as 'n geleentheid vir hulle om geld te maak. Alhoewel die kerk die kerkgebou opgerig het, behoort dit aan die khuta, daarom moet die nuwe sendelinge ook vir die gebruik daarvan betaal. Hulle wil ook hê die sendelinge moet 'n beter voertuig hê sodat hulle die arm mense kan vervoer. Hulle moet R500 betaal vir die boonste deel van Manaka. Die sendelinge moet ook vir die tolk betaal en die geld gaan ook na die Hoofindoena toe.
**Hoofstuk 10**: Mnr. Johnnie som die situasie mooi op deur te sê die khuta sien net wat hulle by die wit ense kan gryp.

Baas sê aan Grace hy wil niks meer weet van siek mense, werklose mense, honger mense nie – ‘n teken van hoe hy al in die gemeenskap betrokke geraak het by noodverligting.
**Hoofstuk 11**: As gevolg van die feit dat Baas wild skiet en die vleis verkoop, verwag die khuta ook daarvan ‘n deel. Hulle eis nog R500 in SA geld vir die boot wat hy bou en die besigheidsregte om vleis te verkoop. Daar is geen begrip by hulle dat Baas geen geld meer oor het nie. Hulle misbruik hul magsposisie en herroep die konsessie soos dit hul pas.
Ook die boot sien hulle onmiddellik as ‘n geleentheid om vir hulself op te eis, deurdat Baas die mense daarop kan vervoer en hulle so kan deelneem aan die koning se jaarlikse bootvaart.

### 3. DROME

- Die eerste aand op Manaka droom Baas dat sy ma probeer om ‘n kettinkie met ‘n kruisie om sy nek te hang. Dit vorm later ‘n rif om sy nek, hy help haar, hulle hande raak verstrengel. (Dit is interessant hoe die geestelike stryd al reeds hier sy dimensie verkry. Ook die riwwe wat hy om die worsboom opgemerk het, kom in sy droom na vore. Sy verlange na sy ma het al reeds na vore gekom in sy benaming an die hond “Ou dienende Martha”, sy pa se troetelnaam aan sy ma.
- Hy probeer die droom ontleed en onthou dat hy nie sy ma se Bybel wou saambring toe sy niggie Mart dit wou inpak nie, want hy het mos sy oupagrootjie se Bybel by hom gehad. Hy interpreteer die droom dus as ‘n skuldgevoel oor sy ma omdat hy na hul moord vir ‘n lang tyd die gebeure op die plaas geïgnoreer het asof dit nooit gebeur het nie.
- Nadat hy vir Manuel se kind gehelp het, droom hy hoe sy pa hom probeer medisyne ingee. Geweerskote en koeëls gons oor hul koppe. Hy stoei met sy pa dat hul moet platval, medisyne spat uit die lepel in taai strepe oor hul gesigte. Hy skrik wakker. (Sterk verwysing na sy pa wat ‘n kliniek op die plaas bedryf het, hy is ook daar vermoor.)
- Hy is altyd bedags op die uitkyk vir die groot trop buffels en droom partykeer snags hoe hy met die Mott-Mauser die groot bul met die hink in sy voorpoot volg, kaalvoet, soos op Sable Ranch. (weer ‘n verwysing na sy verlede.)
- As hy siek is, dink hy aan sy ma se strelende hande in sy koorsdrome. (maar dit is Grace s’n.)
- Whitey droom dat die boot in die Twelve O’Clock Canal is. (wat dan ook werklik so is.) (Let op hoe Baas se drome telkens ‘n element van sy werklikheid verweef met ‘n herinnering uit sy verlede bevat.)

## 4. CHRISTENSKAP: Wat maak van jou ‘n Christen?

Reeds in die vooraf-gedeelte lees ons dat Baas Chipman se oupagrootjie uit sy sakbybeltjie die Malozi-kinders leer lees en skryf het. Die feit dat hy die naam Manaka Evangelical Mission ook aangebring het en uiteindelik Manaka verlaat het met sy hond, sy Bybel, geweer en die klere aan sy lyf is van wesenlike belang oor wie die oupagrootjie was. Uit Whitey se vertellings later blyk dit ook dat Dennis Chipman feitlik die hele Mulambwa-stam gedoop en geëvangeliseer het.

Ten spyte hiervan is Baas Chipman in opstand teen die hele gedagte van Christenskap – moontlik a.g.v. die moord op sy ouers, wat deurentyd vir hom ‘n voorbeeld van Christene was (sy pa het selfs ‘n klein kerkie op hul plaas gebou vir die omliggende boere om bymekaar te kom.)

As Baas Chipman besluit om in sy oupagrootjie se voetspore te volg, weier hy aanvanklik om sy ma se Bybel saam te neem, want hy het mos sy oupagrootjie s’n. (Die niggie pak dit dan stilletjies in.)

Ten spyte van die naam Manaka Evangelical Mission, die kerkie wat daar gebou is, tekens van houtbankies onder die worsboom, ontken Baas Chipman heeltyd dat hy na Manaka gestuur is. Hy is slegs daar om sy boot te bou. Dit is ironies dat hy so graag in sy oupagrootjies se voetspore wil volg, maar hy is nie bereid om dit ten volle te doen nie; hy wil slegs die boot-droom laat herleef.

Langs die kerkie is ‘n enkele graf van muluti Joseph Sitali Mulambwa, Indoena van God, ‘n aanduiding dat die gemeenskap sonder ‘n geestelike leier is, maar Baas Chipman is nie bereid om die roepstem te hoor nie.

Die eerste nag op Manaka droom hy dat sy ma ‘n kruisie, die Christelike simbool, aan ‘n kettinkie om sy nek wil hang, die gestoei daarmee wurg hom feitlik. Later blyk dit dat sy ma en pa sy rolmodelle van Christenskap was. Dit is dus ironies dat die droom nie al hier met hom praat nie. Hy onthou wel dat hy nie sy ma se Bybel by Mart wou neem nie – dalk ‘n aanduiding van ‘n skuldige gewete?

Selfs as die kerkie se sinkplate en deure en vensterrame verdwyn, reageer Baas Chipman steeds selfgesentreerd: hy sou graag die kerkie as ‘n veilige stoorplek vir sy planke wou gebruik.

In die tyd help hy siekes met chlorokin teen malaria, verkoop vleis (maar gee dit eerder weg), ens. maar hy probeer dit nie evalueer nie. Hy raak eerder ergerlik omdat hy voel hy help ten koste van homself.

Dit is eers wanneer Ouma Essie wat byna as sy gewete optree, op die toneel verskyn, dat hy voortdurend met die vraag: Wat is ‘n Christen? gekonfronteer word. Hy help vir Ouma Essie, teen sy sin aanvanklik, met medisyne vir Grace en moet later by Grace hoor dat Ouma Essie sê Baas is die een wat gestuur is om die mense van Manaka te help. Sy weet Mnr. Baas is ‘n Christen. Hy stry en sê hy is net daar om ‘n boot te bou, maar Grace hou vol dat hy ‘n Christen moet wees, aangesien hy die pille agterna na hulle toe gebring het.

Grace se siening dat ‘n Christen iemand is wat goed doen, veroorsaak Mnr. Baas om uiteindelik aan haar te vra of sy vir Mnr. Whitey ook ‘n Christen noem, aangesien hy hulle gratis terug Manaka toe vervoer.

Die koms van die sendelingpaar (en Ds. Griesel du Pisanie se teenstrydige optrede met Grace se siening van ‘n Christen) dryf die vraag oor wat ‘n Christen is op die spits. Ons verneem die khuta se siening dat die kerk net ‘n besigheid is met baie geld en Ds. Scholtz en Ds. Du Pisani se siening dat die kerk ‘n drieërlei funksie het: om die Woord van die Here aan ongeredde siele te bring, om siek mense te help en om die vrouens en kinders op te lei. Daarenteen tree Ouma Essie as bewaker van geestelike en morele waardes op, as die gewete van die gemeenskap.

Baas se woede jeens die mense wat sy ouers vermoor het, kom na vore in sy uitbarsting jeens die feit dat almal verwag hy moet help, maar hy het self nie meer nie. Grace laat haar egter nie hierdeur ontstel nie en vra die kernvraag wat later ook deur Ouma Essie herhaal word: As die Here sou besluit hy het nog een kans tot die lewe, wat sou hy gekies het: om gesond te word of om die boot te bou? Ouma Essie vra later aan hom: “As daar een ding is wat jy kan kies om klaar te maak, wat sou dit wees?”

Die gedagte dat Baas eintlik kwaad is omdat sy ouers vermoor word, word ook herhaal in Ouma Essie se vertelling dat sy muluti Joseph se Bybel in die rivier gegooi het, uit kwaadheid omdat sy en Grace gedwing is om hulle huis by die kerk te verlaat. Ook Grace erken later dat sy sake gehad het om te verwerk aangesien die mense wat verantwoordelik was vir haar ouers se dood, van Suid-Afrika af gekom het. Die implikasie van vergifnis word dus hier subtiel herhaal.

Ds. Griesel se selfgeregverdigde woorde: “Geen Christenmens sal ‘n ander verkwalik om onder sulke omstandighede sy hut te gebruik nie” plaas eerder ‘n vraagteken oor die christenwees-tema.

Dit is interessant hoe die leser sedert die aankoms van die sendelingpaar ingelig bly t.o.v. watter gedeeltes uit die Bybel gelees word, watter geestelike liedere gesing word. Let op hoe veral die geestelike liedere amper ‘n refrein word wat teen die agtergrond òf dien as herinnering vir Baas oor die gelukkiger, geestelike ervarings saam met sy ouers òf as aanmaning oor sy onverskilligheid jeens geestelike sake. (Nanna neurie bv. “Bly by my Heer”, ‘n kerkliedjie wat hy uit sy jeugjare onthou. As Riekert vir Baas die diamante wys, begin neurie Grace “Amazing Grace”. )

Grace se kinderlike, selfs eenvoudige geloof, (soos bv. toe hulle vir Mnr. Whitey in die storm gewag het “die Here stuur altyd iemand met ‘n boodskap”) kom telkens na vore. Dit is interessant dat Baas Chipman nie altyd antwoorde vir haar het nie.

Baas Chipman se stelselmatige betrokkenheid by geestelike aktiwiteite word baie subtiel uitgebeeld: aanvanklik bid hy nie saam met ete nie, hy is ‘n onwillige deelnemer aan ds. Scholtz se Nagmaal voordat hy vertrek. Hy vererg hom as Mnr. Johnnie na hom verwys as ‘n “goeie man, hy gee honger mense kos, siek mense pille. Hy is ‘n Christen.” Stelselmatig vra hy vir Grace, Ouma Essie, Nanna en ds. Griesel wat ‘n Christen is en hoe meer verward hy raak, hoe meer dink hy terug aan die plaastyd toe hy as kind saam met sy ouers bidure en dienste bygewoon het.

Baas Chipman haal later sy ma se Bybel uit en vind Joh. 3:16 wat onderstreep is met sy geboortedatum langsaan, die begin van sy ontdekking van wat in die Bybel geskryf staan. Hy wonder: kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?
Ds. Scholtz se woorde aan Baas word ook stelselmatig 'n refrein; Die Here het hulle gemaak om Hom te soek, Hy is nie ver van enigeen van ons nie. As hy wonder wat van die dooie vrou se siel geword het, is dit 'n verder teken van sy toenemende betrokkenheid. Die Bybelvers wat mnr. Jos lees met die begrafnis: Joh. 15:16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het vir julle uitgekies." sluit aan by ds. Scholtz se woorde.

Grace se invloed ten opsigte van sy geestelike groei moet nie misken word nie. Sy wys hom daarop dat die Here hom ore gegee het om te hoor wat Hy wil hê, oë gegee het om die dinge te sien. Sy wys hom daarop dat hy nooit sy pontboot sal klaarmaak of die werk waarvoor hy Manaka toe gestuur is, as hy nie "weet wie [hy] kan slegsê en wie nie." Sy sê die Here het hom Manaka toe gestuur om die pad vir die sendelinge oop te maak en vir haar te help om 'n werk as tolk te kry.

Ook Ouma Essie wys hom herhaaldelik dat die Here hom na Manaka toe gestuur het om onder andere kos vir die baie mense wat die Here weer na hom stuur, te gee. Die gedagte dat Manaka reeds lank tevore as sendingstasie bedoel is, lank voor Baas Chipman se geboorte, en dat hy deel van die groot plan is, kom ook telkens na vore.

In sy stryd om juis te bewys dat hy nie 'n Christen is nie, word hy deurentyd gekonfronteer met die feite dat sy oupagrootjie Manaka Plek van die Horings as ontmoetingsplek vir die Here gevestig het en dat hy daarmee moet voortgaan.
Die ooreenkomste tussen Baas Chipman en sy oupagrootjie kom juis in die verband baie sterk na vore: jagter, bootdroom, Manaka Evangelical Mission. Dit was die begin van ander sendelinge wat die werk kom voortsit het en noudat daar niemand was nie, is Baas gestuur. Ouma Essie sê ook dat sy boot-droom 'n droom is wat die Here vir hom gegee het sodat hy Manaka toe moet kom.
Ook die rol wat sendelinge en sendelingdogters in hul voorgeslagte gespeel het, volgens wat Whitey vertel, sluit sterk aan by die tema.

Griesel se wettiese Christenskap (mnr. Johnnie moet bv. eers ophou rook, Nanna mag nie saam met ds. Scholtz en Ouma Essie drink en brood eet nie, ens.) staan in direkte kontras met die ander opvattings oor wat 'n Christen is:

Nanna antwoord: "Geloof maak van 'n mens 'n Christen." (Hierop wil Baas weet of Griesel 'n Christen is – wat die idee skep dat hy dit bevraagteken.)
Nanna sê om 'n Christen te wees maak nie van jou 'n helikopter-pilot nie.
Hy smag daarna om vir sy ma en pa te kon vra wat maak van jou 'n Christen.
Ds. Griesel sê om met 'n wrok in jou hart rond te loop maak nie van jou 'n Christen nie; Christenskap is nie goeie werke nie, dis 'n gesindheid. (Juis direk die teenoorgestelde van die gemeenskap se siening.)
Ouma Essie: "Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen." Sy gee Rom. 10 v. 20, en v. 9-10 vir hom om tegaan lees. Haar vraag: "Glo jy hierdie Boek, jongman?", bly ook later by hom.
Na die kerk afgebrand het sê Grace: omgee maak van haar 'n Christen en ook "die weet waar ek heengaan, hier en in die lewe hierna."

Dit is interessant dat Mnr. Whitey hom nie net help om die verlore inligting oor hul oupagrootjie te vind nie, maar dit is ook in Mnr. Whitey se tent dat hy die Bybeltekste van Ouma Essie gaan lees. Hy gee dan ook sy oupagrootjie se Bybel aan Whitey, die eerste persoon met wie hy dus die Evangelie deel.
Die feit dat Ouma Essie muluti Joseph se lyfband aan Baas Chipman gee en dat dit hom perfek pas, kan ook gesien word as dat hy gekies is om in muluti Joseph se voetspore as sendeling te volg. Met haar dood word dit ook as vanselfsprekend beskou dat hy moet bid, iets wat hy wel doen met 'n "Dankie, Here. Amen." En met die gebed word sy soeke na geestelike sekerheid en sy roeping na Manaka afgesluit. Hy erken self daarmee sy identiteit as versorger van Manaka.

(LU 2.1.1; LU 12.2.1.5;LU 12.2.1.6; LU 12.2.3.1;LU 12.2.4; LU 12.2.10; LU 12.3.1.4; LU 12.3.1.8;)

## ANTWOORDE VAN INHOUDSVRAE OOR ELKE HOOFSTUK

(Let Wel: die doel van hierdie vrae is om die leerder vertroud met die fynere inhoud van die boek te maak.)

**HOOFSTUK 1** (bl. 17-24)

1. Stuk van ‘n ou nommerplaat aan ‘n boom, wieldop met “Stop”-teken, verroeste modderskerm met skewekam hoenderhaan daarop geteken, ‘n “No Parking”- en “No dogs allowed”-bordjie, verflenterde motorband met onleesbare naam.

2. Dit is slegs ‘n enkele geboutjie van steen en sink tussen die lapas, verwaarloos, verlate.

3. Hy wonder of sy oupagrootjie ook eerder gedink aan ‘n noordwaarse toepe op die rivier aangesien die waterval se massas water dit onbegaanbaar maak.

4. Die verwagting van ‘n sendingstasie, met kerk en geestelike sorg, dalk ook ander barmhartigheidsdienste.

5. Daar is slegs enkele uitgekalkte staangeboutjies tussen die yl bome, maar die dakbalke het geknak, die sinkplate het meegegee, die vensterrame is sonder ruite en net een deur is bruikbaar.

6. Die houtbankies skep die idee van kerkdienste wat gehou is, maar die verwaarlosing van die bankies pas by die totale verval wat daar plaasgevind het.

7. Hy noem Lady “Ou dienende Martha”, die naam wat sy pa altyd sy ma genoem het, ‘n bewys van sy verbondenheid met sy ouers, sy verlange na hulle. (Dit is dus nie snaaks nie dat Grace uiteindelik die rol van ‘n dienende Martha in sy lewe speel en ons aan die einde die idee kry dat sy dit ook in die toekoms gaan speel nie.)

8. Hy sou so ‘n werpsel met verstand, reuk, spoed, uithouvermoë, ‘n groot hart en genoeg geduld kry. Hulle sou die beste bosvarkjagters wees.

9. Nadat die sendeling dood is, het die plek so agteruitgegaan, omdat daar nie weer ‘n sendeling gekom het nie.

10. Hy dink daar was moontlik kabeldraad om die boom waaraan die vleis opgehang is.

11. Hy droom sy ma probeer ‘n kettinkie met ‘n kruisie om sy nek hang, maar dit vorm ‘n rif om sy nek. Hy help haar, hulle hande raak verstrengel. (Let op hoe die Christen-tema reeds hier na vore kom. Dit is amper asof hy in sy droom reeds weet sy ma wil hê hy moet ‘n Christen wees. Dit is insiggewend dat hy haar wel help.

12. Die Christelike geloof.

13. Hy wou aanvanklik nie sy ma se Bybel saamvat Manaka toe sy niggie Mart dit vir hom gegee het nie. Hy het geantwoord dat hy mos wel sy oupagrootjie se Bybel het.

14. Op daardie stadium het hy die gebeure met sy ouers genegeer, asof dit nie gebeur het nie en hy wou nie daaraan herinner word nie.

15. Hy het nie sy ouers uit die land geneem na die eerste aanval nie. Hy het wel agterna na die ou murasies gaan kyk en toe besef sy pa sou heel waarskynlik nie sy kliniek verlaat het nie, selfs al sou hy hul probeer ompraat het om die land te verlaat.

16. Hy vra woonregte op die plek wat hy hulle uitwys, nl. Manaka. Na twee dae van onderhandelings word die grond aan hom toegewys teen R250 per maand Suid-Afrikaanse geld. Hy betaal die eerste jaar se huur vooruit.

17. Aangesien Reverend Joseph oorlede is en die grond nie geskik is vir 'n "field" (landboudoeleindes) nie, en niemand anders belangstel nie, kan Baas Chipman die grond maar huur.

18. Hy wil die Zambezirivier verken met die oog daarop om toergroepe op die rivier te neem.

(Beantwoord nou eers die vrae oor dié hoofstuk agterin Manaka op bl. 253. )

**HOOFSTUK 2** (bl. 25-31)

1. Hy wil ryk toeriste met 'n pontboot op die rivier neem en hulle wys hoe die mense van die Zambezi werklik leef. Hulle moet byvoorbeeld in hutte kan oorbly, nie in luukse hotelle nie.

2. Hy kry kaarte van die Zambezi en omgewing by die staatsdrukkery in Pretoria en vergelyk sy eie inligting met die kaarte.

3. Sketse van die kronkels, stroomversnellings, systrome, vloedvlaktes en bevaarbare kanale; ook aantekeninge van sandbanke, vlak gebiede en ander hindernisse t.o.v. die bevaarbaarheid van die rivier.

4. Hy dink terug aan die oorlog en hoe hy gewonder het wat van Fires geword het na Bakkies se dood.

5. Dit is die plek waar die koning bly.

6. Daar is 'n ry brandstoftenks met diesel vir toekomstige gebruik. Dus weet hy brandstof is beskikbaar.

7. Hy stel belang in hoe die pontboot gebou is om geskik te wees vir die waters van die Zambezi.

8. Die aand kom lek Lady hom om sy aandag te vestig op 'n man wat onder 'n yl koorsbessieboom staan.Hy stel homself bekend as Manuel. Hy kom van Angola en

soek medisyne vir sy siek kind. (Aan die een kant raak hy betrokke by die gesin en uiteindelik so die mense van die land, aan die ander kant kry sy droom verder gestalte as hy daaraan dink dat die ryk toeriste by die mense in hul hutte kan oorslaap en so ook 'n inkomste aan dié mense bied.)

9. Dit is sy laaste dosis medisyne en hy het daarna niks oor vir homself nie.

10. Hy sou self ook die siekte kan opdoen en wie gaan hom dan help?

11. Hy droom hoe sy pa hom medisyne probeer ingee. Daar is geweerskote, koeëls klap oor hul koppe. Hy stoei met sy pa dat hy moet platval, die medisyne span uit die lepel en loop in taai strepe oor hul gesigte. Sy pa het 'n kliniek in Rhodesië gehad. Sy hulp aan die dogtertjie herinner hom aan sy pa. Die oorlogervarings en die feit dat sy pa-hulle doodgeskiet is, speel ook 'n rol in enige herinnering wat hy van sy ouers het.

12. As Baas ryk toeriste met 'n boot op die Zambezi neem en hulle slaap oor by die mense langs die Zambezi in hutte om te ervaar hoe die swart mense leef, kan dit ook 'n inkomste vir Manuel en sy mense beteken.

(Die vrae oor die hoofstuk agter in Manaka word op vraag 1 na, reeds hier gedek. Jy kan gerus die antwoorde van hierdie vrae ook bestudeer.)

**HOOFSTUK 3** (bl. 32-40)

1. 10 dae. Hy het hom vasgery in die boepens wat Angola na die Ooste uitstoot. Hy kon nie uitvind of stroomversnellings by Chavuma begaanbaar is nie, daarvoor was 'n groter boot nodig wat genoeg brandstof kon hou vir 'n paar weke op die water.

2. Die buffelbul is effens mank in die regtervoorpoot. Morena is 'n Sotho-woord wat hy in die Houtboschberg geleer het vir "Meneer". Daarmee gee hy erkenning aan die grootte en indrukwekkendheid van die bul.
(Terugskouend: watter rol speel hierdie buffelbul uiteindelik in Baas Chipman se lewe?)
(Die bul word die uitdaging vir hom om al die skulde te betaal: mnr. Johnnie s'n en daarmee saam sy oupagrootjie s'n. Dan eers is hy self in staat om sy eie lewe te lei.)

3. Dit is 'n skakel met sy oupagrootjie, Dennis Chipman moes dit geplant het. Die nuwe botsels word simbolies van nuwe lewe, 'n nuwe era wat voorlê.

4. Hy aanvaar die werk as bootsman en stuurman van die Zambezi Joy, hy werk vir Mark James vir die Zambezi Buffalo Transport.

5. Hy leer hoe om stroomversnellings te hanteer, kry die name van voorsieners van boottoerusting en kontaknommers van die mense by Mark James, pas sy planne van 'n eie boot voortdurend aan.

6. Toe hy as seun in 'n blikskuit op die Bo-Letaba gevaar het.

7. Mark gee aan hom kontaknommers en name van voorsieners van boottoerusting. (Hy koop later die Zambezi Joy by Mark James – of dit ‘n goeie of swak koop was, is te bespiegel.)

8. Hy is besig om homself voor te berei vir die bereiking van ‘n droom en die skuur van die plank wys dat hy dit ‘n werklikheid gaan maak.
(Op hierdie stadium speel Grace nog nie so ‘n groot rol in sy lewe nie, maar Riekert maak later die afleiding dat hy vir Grace vernoem.)

9. Die Zambezi Joy help hom om sy eie bootplanne voortdurend aan te pas t.o.v. wat nodig is vir so ‘n toerboot. Hy leer die rivier ken en ook die mense van die gemeenskap. Hy kry name en inligting by Mark James.

10. Die boot moet vlak in die water loop, hoogstens 1m diep by die agterstewe en ‘n halwe meter by die voorstewe om ook voorsiening te maak vir sandbanke in die rivier. Dit moet nie ‘n luukse model met luukse kajuite, warm en koue water in badkamers en gemakstoele en volvloermatte in ‘n kroeg wees nie.

11. Hy skoei sy eie planne al hoe meer op die Zambezi Joy as voorbeeld en Mark James sien die gaping om die boot aan hom te verkoop
.

12. Mark James het die ryker toeriste se gemak in gedagte, Baas Chipman wil hulle op ‘n realistiese wyse in kontak bring met die werklike lewe van die Zambezi.

13. Hy maak vrede daarmee dat die mense uit die gemeenskap by hom kom aanklop vir medisyne. Hy weet hy kan nie net vir homself koop nie.

14. Hy droom hoe hy met die Mott-Mauser die groot bul volg soos op Sable Ranch, toe hy nog jonger was. Die buffels herinner hom aan ‘n vorige tydgleuf in sy lewe.

15. Hy sou dit graag as ‘n stoorplek wou gebruik het waar die planke nie kon nat word nie. Dit dui ook op die al hoe minder respek wat die kerk onder die gemeenskap geniet – die feit dat die gebou geplunder word.

16. Sy was van kleins af lank van lyf en Mark James het haar Long One gedoop, maar die ou vrouens wat gereeld passasiers op die Zambezi Joy was, het die naam in hulle taal as Longwane uitgespreek en dit het vasgesteek.

17. Dit is hoofsaaklik vir kos en om die honde te leer hoe om te jag.

18. Hy werk op die Zambezi Joy.

19. Hy sou sy oupagrootjie se droom van ‘n slagplaas kon bewaarheid, of die eise van die mense uit die gemeenskap raak net al hoe meer.
(Die vleisverkope lei later tot konflik met die khuta omdat hy ‘n besigheid bedryf, maar help hom ook oorleef as hy niks geld meer oorhet nie. )

20. Die geweer is baie oud en het ‘n enkele loop met ‘n dubbele sneller.

21. Verbeterde netwerke paai en vinniger padvervoer lei tot die stadige dood van riviertransport. Baas se werk op die Zambezi Joy stop ook en dit word tyd om daadwerklik aan sy boot te bou. Hy koop die Zambezi Joy.

22. Hy koop die Zambezi Joy by Mark James.

23. Mark sal die boot met ‘n vragmotor en hyskraan laat vervoer na Manaka toe.

24. Hy gaan buffels jag vir ‘n inkomste en die vleis onder die plaaslike bevolking verkoop.
.

25. Zambezi Grace
.

**HOOFSTUK 4** (bl. 41-51)

1. Hy is bekommerd oor sy boot.

2. Hy is koorsig en weet in sy onderbewussyn dat iemand hom verpleeg, maar dit is ‘n vreemde vrou en al verwysingsraamwerk wat hy het van iemand wat hom liefdevol verpleeg, is sy ma.

3. Sy het hom verpleeg, want hy het vir haar medisyne gestuur toe sy siek was.

4. Sy het ook vir sy honde kos gegee, hom op die slaapmat gerol toe hy van die bed afgeval het.

5. Mnr. Chisupo het die mense verhinder om te kom. Sy is nie bang vir mnr. Chisupo nie. Ouma Essie sê hy is ‘n Christen, daarom het Grace hom ook kom help.

6. Hy het sy laaste medisyne vir Ouma Essie gegee om vir Grace te gee toe sy siek was en nou was daar niks ook toe hy self siek was nie.

7. Ouma Essie sê hy is ‘n Christen, dit is hoekom hy ander mense help.
Volgens hom is hy net daar om sy boot op die Zambezi te kry.

9. Hy het Ouma Essie eers weggejaag toe sy kom medisyne vra, maar daarna tog agterna gegaan en self die medisyne gebring.

10. Sy reël vir vervoer hospitaal toe.

11. Sy het sy beursie aan haar persoon weggesteek dat dit nie gesteel kan word nie. Sy gee ook gereeld terugvoering aan Baas Chipman oor wat sy gedoen het en waarvoor sy geld gebruik.

12. “Die Een wat wag vir haar Besoekers”. Dit kan selfs dui op die feit dat sy nog nie getroud is nie en wag vir ‘n volgende huwelikreëlling, aangesien haar man destyds dood is op pad na hulle huwelikseremonie toe.

13. “Die Een wat met die Vinger wys”. Hy is altyd eenkant, sy enigste vorm van kommunikasie is ‘n vinger waarmee hy mense besweer. (Ons verneem later dat sy

klere ook gehawend is, hy moet mnr. Kebbey afdreig om vleis te kry. Grace sê later na sy dood: Niemand het hom lief genoeg gehad nie.)

14. Hy skuld vir Grace geld en hy maak onwettig geld uit die vleis wat hy by Baas Chipman kry en dan weer gaan verkoop.

15. Sy sit by hom en help hom om gemaklik te wees as hy bykom. Sy gee bv. Vir hom Coke. Sy het ook sy baard geskeer.

16. Hulle sal met mnr. Whitey se houtlorrie huis toe gaan, sonder dat hulle hoef te betaal.

17. Volgens Grace se persepsie is Baas Chipman 'n Christen omdat hy mense help, omdat hy 'n goeie mens is. Whitey vra nie geld van mense as hulle wil saamry nie, so Baas toets Grace hier of dit ook kwalifikasie genoeg is om as Christen bekend te staan.

18. Sy weet die siek vrou gaan nie bly leef nie, mnr. Jos is haar broer en moet vir die begrafnis kom.

19. Dit is Grace se tannie, haar pa se suster.

(Raadpleeg ook die vrae op bl. 255 van Manaka asook die antwoorde van hierdie vrae.)

**HOOFSTUK 5** (bl. 52-59)

1. Die Hoofindoena en die Raad van die Oumanne.

2. Vroue word nie toegelaat om op bankies te sit nie, hulle sit op die grond. Hulle mag ook nie sonder toestemming aan gesprekke deelneem nie. (Ons kry die idee van die vrou as onderdanig en selfs minderwaardig teenoor die mans. Behalwe vir Ouma Essie.)

3. 4 jaar.

4. Die khuta sien die kerk as 'n besigheid, hy het baie geld; dus kan dit 'n bron van inkomste vir die khuta wees. Ds. Scholtz sê die kerk is daar vir hulpverlening en om die Woord uit te dra.

5. Hulle sal die Woord van die Here aan ongeredde siele bring, siek mense kan help en Nanna sal die kinders en vrouens kan oplei, want sy is 'n kunsonderwyseres.

6. Hy raak baie gou ontsteld tydens die samesprekings.

7. Die kerk se konsessie bestaan nie meer nie, so hulle moet vir die gebruik van die grond en vir die geboue betaal – dit is egter ironies, aangesien daar feitlik net murasies van die oorspronklike geboue oor is. (Maar die sendelinge weet dit nie.)

8. Hulle sien die wit mense as verskaffers, mense wat uitgebuit kan word om te gee en te gee. Ook die verwysing na ‘n beter voertuig is kenmerkend van hierdie siening dat die witmense net daar is om vir die gemeenskap ‘n diens te lewer. Die vraag word gevra hoe die sendelinge tot voordeel van die gemeenskap sal wees.

9. R500 per maand net vir die boonste deel van Manaka, want die onderste gedeelte behoort aan die man wat die boot bou. (Let wel: hier word al reeds genoem dat hy ‘n jagter is en die vleis verkoop, maar op die stadium word dit nog nie deur die khuta aangespreek nie.)

10. 2 jaar

11. 3 jaar.

12. Die geboue is gestroop van bruikbare boumateriaal en is feitlik net ‘n murasie.

13. Omdat hulle die werk vir haar kry as tolk, moet haar geld ook aan die Hoofindoena betaal word en hy sal dan weer haar deel oorbetaal aan Ouma Essie by wie sy bly. Die idee word dus geskep dat sy nie haar eie geldsake kan behartig nie.

14. Die voertuig moet groot genoeg wees dat armes vervoer kan word. Dit word dus in diens van die mense gebruik. (So asof die sendelinge in diens van almal is.)

15. Dit is asof hy dink sy hande is vuil na al die handeskuddery, asof hy verhewe is bo die swartmense, en die feit dat hy sy eie water gebruik versterk die gedagte.

(Verdere vrae oor hierdie hoofstuk vind jy op bl. 256 van die teksboek.)

**HOOFSTUK 6** (bl. 60-64)

*1. Vir klere vir Grace (sy leen net die geld by hom); nog malariapille, hondekos, die* Mauser-patrone; dryfas vir sy Land Rover; die taxi-gelde – ook vir hul bagasie;

2. Almal verwag hy moet help, maar swart mense het sy ouers vermoor.

3. Indien hy gehoor het hy gaan sterf, wat sou hy gekies het: sy boot klaarmaak of gesond word? (M.a.w. wat is vir hom die belangrikste in die lewe? ‘n Vraag dus oor sy prioriteite.)

(Ekstra vrae oor hierdie hoofstuk kry jy op bl. 257)

**HOOFSTUK 7** (bl. 65-75)

1. Sy ervaar alles as opwindend en leersaam, terwyl hy haar kort-kort teregwys, vermaan om anders op te tree.

2. Hulle dink daar is 3 vertrekke: ‘n kantoor, woonkamer en ‘n slaapkamer en dat die gebou ‘n sinkdak het. Nanna is teleurgesteld dat dit nie ‘n grasdak is nie.

3. Die sinkplate van die dak is afgesteel, die dakbalke het inmekaargeval, die versters en deure asook deurrame is gesteel.

4. Griesel moet skielik uitswaai vir 'n man wat in die pad staan: mnr. Johnnie. Hy soek werk. Griesel sê nee, Nanna gee vir hom R5,00. As hulle die bakkie uit die sand probeer stoot, help mnr. Johnnie nie om te stoot nie, maar uiteindelik het hy die oplossing hoe om die bakkie uit die sand te wieg.

5. Nanna is goedhartig en gee vir hom R5,00, terwyl Griesel haar vermaan dat sy nie net kan geld weggee nie. As die vrou vir haar 'n pampoen kom gee, huil sy van aangedaanheid, maar Griesel sê sy moenie betrokke raak nie.

6. Sy ervaar dit as 'n verwelkoming, as omgee en voel dankbaar dat die vrou na haar uitreik op die manier.

7. Sy word nie teruggehou deur haar eie persepsies nie, maar is oop genoeg om meer van die mense te leer en met hulle saam te leef. Haar liefde vir mense gaan haar help om makliker aan te pas, terwyl Griesel so vol is van sy eie belangrikheid en verhewenheid, dat hy selfs nie eens met sy eie vrou 'n hartlike verhouding het nie.

8. Vir Ouma Essie is dit antwoord op gebed dat daar weer sendelinge moet wees, want haar mense raak afvallig en weg van die Christelike waardes. Ons sien dit veral in die invloed wat mnr. Chisupo op die mense het.

9. Sy bril, kierie en Bybel.

10. Na muluti Joseph se begrafnis.

11. Die pensioen van die kerk na muluti Joseph se dood.

12. Hy keur dit af dat sy sjerrie en brood saam met ds. Scholtz en Ouma Essie geniet, maar dit is vir hom reg om in te breek in iemand anders se slaaphut ter wille van sy eie gerief.

13. Sy slaap buite by ds. Scholtz, terwyl Griesel binne slaap. Sy neem sy tandeborsel en klere na hom in die hut en gaan dan weer uit.

14. Baas Chipman se ouers en sy oupagrootjie op 'n ander foto.

(Die addisionele vrae oor die hoofstuk op bl. 257 is 'n MOET vir jou om deur te werk, veral as jy nog nie weet wat DRAMATIESE IRONIE is nie.)

**HOOFSTUK 8** (bl. 76-87)

1. Hy maak die bokkop van die bok wat hy by mnr. Kebbey gekry het, gaar teen die kerk se muur (moontlik vir beskutting vir die vuur).
(Later is dit ook hy wat die kerk aan die brand steek.)

2. Dit was Ouma Essie se bok, maar mnr. Chisupo het mnr. Kebbey gedreig met onheile wat hulle sou tref en mnr. Kebbey het toe die bok aan hom gegee.

3. Sy glo hy sal kom, of die Here sal iemand stuur om vir hulle te kom sê as hy nie kan kom nie. Dit is hoe die Here werk.

4. Dit herinner hom aan die aand toe hy 12 jaar oud was en hy gewag het om te hoor wat aangaan na die nuus dat die Sable Ranch vir die tweede keer aangeval is.

5. Grace se pa was die hoofindoena, hoofindoene Mulambwa. Hy en sy vrou en suster was op pad na Mongue, hoofstad van Barotseland, vir ‘n vergadering saam met die regeringsamptenare, toe hulle voertuig oor ‘n landmyn gery het en hy en sy vrou dood is, en sy suster se voet vermink is. Dit het tot gevolg gehad dat die Hoofindoenaskap na Hoofindoena Daaimon gegaan het, wat met haar pa se suster getroud was en Ouma Essie en Grace se swak lewensomstandighede kan direk daaraan toegeskryf word. (Haar oom Jos het nie op daardie stadium kans gesien om terug te kom en die amp te aanvaar nie.)

6. Baas sê doodeenvoudig hulle kan weer droog raak, maar dit is belangriker dat die hondekos en die patrone droog bly en hy draai dit dan in die baadjie toe.

7. Daar is twee vreemde voertuie. Vreemde mense het sy blyplek ingeneem, sy honde moet buite slaap omdat daar vreemdes onder die afdak is en selfs in sy slaaphut is iemand anders.

8. Sy bring vir hulle warm groenmielies om te eet.

9. Hy bid vir Manaka, Griesel en Nanna wat nie huisvesting het nie, die meubels wat nat word in die reën, mense in nood en ook vir die man “hier by ons” wat siek is. Op die manier spel hy die Du Pisani’s se nood uit en probeer die boodskap by Baas Chipman uitbring dat hy asseblief moet help.

10. Hy ignoreer hom. Hy voel ingeloop omdat daar vreemde mense op sy gebied is. Hy verkwalik die khuta daarvoor.

**HOOFSTUK 9** (bl.88-100)

1. Sy sê dit is newe-effekte van die malaria en die quinine dat mense so emosioneel raak.

2. Selfs mnr. Johnnie het nie kom werk nie uit vrees vir mnr. Chisupo se sterk medisyne. Die mense glo dat hy nooit slaap nie, dat hy ‘n dokter is wat jou kan gesond maak met sy sterk medisyne, dat hy mense kan skade aandoen, kan toor, kan gebreklik maak.

3. Hy het gesien Baas Chipman het gesond geraak ten spyte van mnr. Chisupo se verwensings en dit het bewys dat mnr. Chisupo niks aan Baas en sy mense kan doen nie.

4. Hy is ‘n goeie mens, hy gee honger mense kos, siek mense pille. Dit is ‘n Christen.

5. Sy wil nie hê hy moet weer lelik praat soos die vorige keer toe hy ‘n Christen genoem is nie.

6. Sy is dankbaar omdat hy haar lewe gered het met die malariamedisyne. Sy wil graag die werk as tolk hê en as hy weggaan, sal die sendelinge ook weggaan, so sy wil hom help om te bly.

7. Die Here het hom dalk Manaka toe gestuur om die pad vir die sendelinge oop te maak en vir haar te help om die werk as tolk te kry.

8. Grace vleg vir Baas Chipman ‘n lyfband van biesies sodat hy weer die portret kan ophang. Sy help Baas terug na sy slaaphut toe. Nanna gee weer vir Grace droë klere om aan te trek en hulle lag saam omdat die sweetpak te groot is. Hulle maak saam kos en gesels so meer. Grace leer hulle van die stamgebruike na ete.

9. Jy moet respek betoon vir elke mens wat jy langs die pad kry.

(Aanvullende vrae oor die hoofstuk: bl. 258)

**HOOFSTUK 10** (bl. 101-114)

1. Baas Chipman was ‘n enigste kind en is ‘n baie private mens. Hy voel in elk geval dat sy ruimte deur hierdie vreemdes ingeneem is en nou moet hy nog sy wasplek ook deel. Nanna was een van baie kinders met ‘n klomp broers en is gewoond daaraan om haar ruimte te deel.

2. Mnr. Chisupo hou nie van al die witmense op Manaka nie. Baas wil hul ook nie daar hê nie.

3. Hy wil met sy boot op die rivier gaan ry om alleen te wees, maar die skroef is nog stukkend.

4. Die khuta sien net wat hul by die mense wat wit is, kan gryp. Soos aasvoëls. Hulle eis selfs geld vir kerkgeboue wat hul nie gebou het nie, Baas moet ook geld betaal vir die feit dat hy vleis verkoop op Manaka. Mnr. Baas Chipman was ‘n ryk man toe hy Barotseland toe gekom het, die khuta het hom arm gemaak.

5. Hy smag daarna om alleen te wees, hulle neem net oor, veral Griesel hanteer hom met min respek.

6. Hy sê die witmense vat sy krag weg.

7. Baas onthou hoe hy gewag het vir nuus oor sy ouers na hy gehoor het die plaas is aangeval, hoe hy moes deurbreek om op die plaas te kom, weggekruip het in 'n erdvarkgat. Hy verlang sy ma.

8. Dit is nog 'n herinnering aan sy oupagrootjie en iets wat hy uiteindelik self wil doen.

9. Albei voel hul word gedwing in 'n situasie waar hul hul ruimte met iemand moet deel. Albei is private mense. Albei voel in 'n blik gedruk.

(Bl. 259: ekstra vrae.)

**HOOFSTUK 11** (bl. 115-127)

1. Ouma Essie sê die Here het altyd by die Plek van die Horings met die mense onder naby die water gepraat. So hulle gaan sit onder by die worsboom.

2. Sy is kind deur wit sendelinge grootgemaak nadat haar ouers dood is. So is sy geskool in die lewe van 'n sendeling. Sy was die enigste swart meisie wat daardie tyd by die Bybelkollege op Witsieshoek gestudeer het en het daar vir muluti Joseph ontmoet. Na hul troue het sy saamgekom Manaka toe en sy is nog steeds daar. Die feit dat Dennis Chipman destyds Manaka toe gekom het, was die begin van die Christendom daar, dit het uiteindelik daartoe gelei dat muluti Joseph so 'n Christen geword het en Bybelkollege toe is.

3. Hy het die hele Mulambwa voorgeslagte by Manaka gedoop en na hom het sendelinge na Manaka toe gekom.

4. Die sendeling en sy vrou gaan by die kerk bly en Baas sal vir hulle wys hoe om die gebou te herstel. Hulle sal 'n rooster opstel om die wasplek te gebruik. Baas sê egter hulle moet hul eie buitetoilet by die kerk regmaak.

5. Sy sal vir Baas met die Datsun veld toe neem om te gaan jag, aangesien hy nog te swak is om alleen te gaan en mnr. Johnnie sal dan vry wees om die gras vir die dak te gaan sny.

6. Sy was al reeds met hulle aankoms teleurgesteld dat die skets van die kerk nie 'n grasdak het nie, aangesien hul in Afrika is. Nou gaan die kerkgebou 'n grasdak hê.

7. Dit was haar man, muluti Joseph se lyfband. Hiermee wil sy aan hom wys dat sy hom as eer vir wat hy doen, ook dat hy haar kleinkind uit die dood teruggebring het deur vir hulle medisyne te bring. Maar diefeit dat die lyfband perfek pas, skep ook die idee dat hy gestuur is om in muluti Joseph se plek as sendeling die werk te kom voortsit.

8. Dit is die houtbankies wat muluti Joseph destyds gebou het.

9. Dit is die naam wat destyds aan alle witmense gegee is.

10. Dit is ‘n droom wat die Here hom gegee het. Die vraag is egter wat hy met die boot wil maak.

11. Dit is mnr. Mosko, die stampolisieman, se ma. Baas Chipman moet die ma help van die een wat hom kom dagvaar om die khuta se vergadering by te woon
.

12. Hy is nog te swak om self te stap en die sendelinge het hul Datsun en die lorrie self nodig.

13. Die khuta soek ‘n aandeel in die vleis wat hy verkoop en oor die boot. Vir besigheidsregte moet hy meer konsessie betaal.

14. Sy sê dit is omdat hy magteloos voel omdat hy nie meer al die mense kan help nie.

15. Lady is altyd aan sy sy, gereed vir watter bevel hy ook mag gee. En die eienskap van diens herinner hom ook aan sy ma. (Dalk versterk die teenwoordigheid van die vroue in sy lewe ook die verlange en herinneringe aan sy ma.)

(Die vrae op bl. 260 lig veral Grace se toenemende rol in Baas se lewe uit.)

**HOOFSTUK 12** (bl. 128-141)

1. Haar bok wat sy so gesoek het, is deur mnr. Chisupo geëet. Sy het die plek gekry waar hy die bokkop langs die kerk verbrand het. Die khuta wil ‘n deel van Grace se salaris vat.

2. Riekert se voertuig het onklaar geraak en hy moes noodgedwonge vir ‘n week by Ouma Essie-hulle bly.

3. Hy wil hê Baas moet diamante oor die grens smokkel van Angola af.

4. Diamante kan hom help om gouer sy eie toerbesigheid te begin as die boot reg is. Anders gaan hy uit Barotseland loop met net ‘n bondeltjie op die rug.

5. “Vir my lyk hulle almal eenders.”
“hier rond vat die ouens maar almal so ‘n lekseltjie roet deur die draad”

6. Dit skep die verwagting dat hy haar ordentlik gaan vergoed, hy het immers ‘n week lank daar gebly; maar dan bêre hy die note en gee ‘n R5-munt wat Baas vir Ouma Essie moet gee.

7. Hy noem aan Whitey waar ‘n mens Riekert in die hande kan kry as jy diamante sou wou verkoop..

8. Longwane is keer op keer die een wat hom probeer beskerm, mense aanval.

9. Hy is deur mnr. Chisupo getoor omdat hy vir Baas Chipman wou help.

10. Sy skoonouers het sy vrou en kind kom vat omdat hy nie die res van die lobola kan betaal nie.

11. Geloof maak van ‘n mens ‘n Christen.

13. Nanna sê Griesel spring ‘n meter om by die maan te kom en Baas spring twee meter, maar eintlik wil hul albei dieselfde ding hê.

(Veral die vergelyking tussen mens en vlakvark in die vrae op bl. 260 is baie insiggewend.)

**HOOFSTUK 13** (bl. 142-151)

1. Sy het hom nie herken nie.

2. Hulle kom soek vleis. (Let wel: hulle kry dit op skuld.)

3. Briekwa sterf wel later aan die wonde nadat Brindle hom aan die keel gebyt het.

4. Sy herinneringe aan sy ouers sluit die dienste en bidure op die plaas in, die kerkie wat sy pa daar gebou het, die Bybelversies en liedere. Hulle is vir hom rolmodelle van hoe ‘n Christen moet wees.

5. Mnr. Chisupo is bang vir Baas Chipman, hy weet die krag wat in Baas is, is groter as sy eie krag.

6. Sy eie gerief is vir hom belangriker, selfs al neem hy ‘n ander se ruimte in.

(Die vraag en antwoord op bl. 261 oor Baas se vergelyking tussen Fires en Nanna, asook sy uiteenlopende gedagtes daarna, verdien deeglike aandag.)

**HOOFSTUK 14** (bl. 152-163)

1. Hy het op ‘n plaas groot geword en kan brood bak. Hy besit ‘n plaasbakkery, wat nou deur sy ouers hanteer word. Hy wou nog altyd ‘n sendeling geword het, dit was nog altyd sy ideaal.

2. Jaloesie.

3. Nie om met ‘n wrok in jou hart rond te loop nie.

4. Want dit is tot nou toe die algemeenste motivering wat hy gekry het hoekom mense dink hy is ‘n Christen.

5. Ouma wil haar pensioen in Grace se rekening inbetaal hê. Sy soek ook Lozi-Bybels van die Bybelgenootskap in Lusaka. Nanna sê hy moet haar ma bel en sê dit gaan goed. Griesel vra hy moet die bakkery bel en die kerkkantoor in Grootfontein se tel.nr. vir sy ouers gee. Grace wil weet wat van die sertifikaat geword het wat sy by die hospitaal in Windhoek verwerf het. Mnr. Johnnie wil ‘n fiets hê of sommer enige iets wat ds. Scholtz vir hom kan bring.

(Die herinneringe wat met die voorbereiding tot die Nagmaal en tydens die Nagmaal deur Baas Chipman speel, asook die waarheid oor Ouma Essie se Bybel wat nat geword het, word deeglik in die vrae op bl. 261 bespreek.)

**HOOFSTUK 15** (bl. 164-171)

1. Die naam van die plek beteken: Die Plek van die Ryk Mense. En die khuta is heeltyd daarop uit om geld te probeer maak.

2. Sy sê sy is die tolk vir die sendelinge, die khuta het nie vir haar die werk gekry nie. As sy nie kan nie, sal sy self iemand in haar plek aanwys.

3. Sy is mnr. Kebbey se ouma en mnr. Daaimon se skoonma. En haar bynaam is Profeet van die Bybel.

4. Hulle het uit gierigheid vir haar en Grace uit hul huis by Manaka gegooi en in ‘n beknopte hut ingedruk, waarin al haar meubels nie eens pas nie. As hul nie vir haar en Grace uit hul huis laat trek het nie, was die Here se huis nog reg.

5. Hul open nie meer hul vergaderings met gebed nie; die kerk se sinkplate is op mnr. Daaimon se hut

6. Die khuta wil deel in die wins van die vleisverkope. Ook die pontboot sal tot voordeel van die stam kan wees, want hulle sal aan die kuomboka, optog van die litunga, kan deelneem en so ook geskenke aan die koning wegneem. Verder versoek hul ook dat mnr Baas die Twelve O’clock Canal moet laat skoonmaak sodat die pontboot ook arm mense na Ngweze kan vervoer om kos te gaan koop. (En die ironie van alles: die khuta self het nie ‘n saak met armes nie, hul eie naby familie bedel selfs vir kos.)

7. Hy besef dit sal nie help nie; hulle sal nie verstaan as hy vir hulle sê dat hy niks geld oor het nie. Die sinloosheid van alles en die uitbuiting maak hom kwaad.

8. Sy oupagrootjie het vir die Koning gevra of hy nie die kanaal kan laat bou om die Ngonyewaterval sodat 'n mens tot bo in Zaire met die rivier op kan vaar. Sy oupagrootjie het die kanaal ontwerp.

9. Baas sien nie kans om aan te gaan nie. As hy weggaan, sal die sendelinge ook gaan. Hulle moet net eers wag tot ds. Scholtz met die lorrie kan kom om hulle meubels te vervoer.

(Veral die uitbuiting van hul eie mense asook ander mense is 'n belangrike tema in hierdie hoofstuk, soos ook uitkom in die vrae op bl. 262.)

**HOOFSTUK 16** (bl. 172-179)

1. Sy oupagrootjie se portret se toutjie is weer ingeryg en opgehang.

2. Net soos sy oupagrootjie het Baas Chipman ook die einde van die pad bereik en weet hy nie meer hoe om aan te gaan nie.

3. Dennis Chipman het die Twelve O'clock Canal by Sioma ontwerp sodat hy verby die Ngonyewaterval kon kom. Hy oorreed die konint van die Barotses, litunga Lewanika om die kanaal te bou. Dit is die Liabwa la Twelve genoem omdat die werkers van ligdag tot 12-uur gewerk het en dan huis toe gegaan het om op die landerye te gaan werk. Net die koning het die kanaal ooit gebruik as hy met sy trekskuit om tot by Livingstone vaar.

4. Sy oupagrootjie het ook krisisse ervaar, maar nie moed opgegee nie. Hy het eerder 'n plan gemaak.

5. Sy moed is juis baie laag; hy het nie meer geld oor nie, sy boot kom nie klaar nie, daar is ekstra mense op Manaka, die khuta soek meer geld.

6. Dennis Chipman is met 'n Lozi-meisie getroue, die dogter van die destydse chief Mulambwa se broer. (Hulle het een seun gehad (Whitey se oupa) wat later met 'n Switserse sendeling se dogter getroud is. Whitey se pa weer is getroud met 'n sendelingmeisie uit Engeland en hulle bly tans in Lusaka.) Dennis Chipman het verdwyn toe sy seun nog 'n baba was. Niemand het geweet wat sy van was nie, hy is net Baas Dennis genoem. Sy seun het toe die van Dennis aangeneem (wat ook Whitey se van is). Oorleweringe wil dit hê dat Dennis Chipman dood is van hartseer, sy vrou is dood met die geboorte van hul seun. Hy het egter nog 10 van die 20 bokke geskuld wat hy vir die vrou moes betaal het; daarom het haar familie die kind gevat. Hy het daarna net verdwyn.

7. Die swartmense het hom net Baas Dennis genoem (Baas synde die aanspreekvorm van witmense daardie tyd) en die mense het afgelei dat sy naam Baas is en sy van Dennis. Die Lozi-vrou se familie het dus die van Dennis aan die seun gegee en sy afstammelinge is dus Dennis; terwyl Baas Chipman se familie geweet het sy regte naam was Dennis Chipman en hulle het met die van Chipman aangegaan.

8. Albei skuld nog 10 van die 20 bokke wat hul vir hul vrou moes betaal het. Albei het 'n seun wat deur die skoonfamilie geneem word as losprys vir die uitstaande skuld. Mnr. Johnnie verloor egter ook sy vrou in die proses.

9. Baas Dennis het eers die meisie, Tibelelo gedoop voor die troue, ook haar pa se broer (die hoofindoena) en sy familie. Whitey se oupa is ook gedoop. Hy het egter nie sy skoonpa gedoop nie. Dit was die ontstaan van Manaka as sendingstasie.
10. Hulle onvermoë om ander se nood te ignoreer, hulle voel hulle moet altyd help.
11. Hy wil niks met Riekert se oneerlike skemas te doen hê nie.

(Die ekstra vrae oor die hoofstuk vind jy op bl. 262 van **Manaka**.)

**HOOFSTUK 17** (bl. 180-190)

1. Nadat hy uit die hospitaal gekom het, terwyl hulle vir Whitey wag en hy uitvaar teen die feit dat almal net altyd van hom verwag om hulle te help.

2. As Baas antwoord: "Nog nie", reageer Griesel dankbaar. Hy weet hy het Baas Chipman se hulp en teenwoordigheid nodig op Manaka.

3. Ook sy geboortedatum is daarlangs neergeskryf, so asof sy ma dit spesiaal vir hom uitgesoek het. Dit laat hom wonder of dit moontlik is dat iemand die Ewige Lewe kon hê en dit dan weer verloor. (Bedoelende hyself.)

4. Hy is kwaad omdat Grace in die nag alleen moet loop om te kom medisyne vra.

5. Hy dink aan sy ma se tuin vol blomme.

6. Die gevoellose manier waar mnr. Kebbey die hondjie hanteer ontstel hom. Baas se honde is vir hom die belangrikste saam met sy boot. (Vraag: is dit dalk dieselfde hondjie wat Ouma Essie later vir Baas kom gee – een van Brindle se kleintjies?)

7. Die indoenas wil die Hoofindoene Daaimon se stoel omkeer, want hy is nie demokraties met die geldsake nie; hy dink eerstens net aan homself. (Ironies dat dit van mnr. Kebbey kom!) Verder hoor hy daar is 'n ander man wat belangstel in die pontboot-konsessie. En mnr. Kebbey beplan om met Grace te trou.

8. Dit sal dus tot Baas se voordeel wees as hy op goeie voet met die nuwe hoofindoena, synde mnr. Kebbey, verkeer. Baas moet in 'n vennootskap met mnr. Kebbey gaan met die pontboot-besigheid, al wat mnr. Kebbey bydra tot die vennootskap is sy invloed en beskerming by die khuta.

9. Indien hy met haar trou sal sy aansien in die Mulambwa-familie hoër wees en sy kanse om die nuwe hoofindoena te word versterk. Dit gaan dus nie om Grace se welvaart nie. Alles draai net om homself.

10. Haar voornemende bruidegom is deur 'n seekoei gedood op pad na hul bruilof. Daarom is daar so 'n hoë prys wat vir haar betaal moet word. (Haar naam skakel ook met die gedagte van wag vir 'n bruidegom – Die Een wat wag vir haar Besoeker)

11. Sy het nog nooit 'n mens sien doodgaan nie en sy wil nie alleen daar wees nie.

(Kyk ook na die vrae op bl. 262.)

**HOOFSTUK 18** (bl. 191-200)

1.
- Voor haar dood dink hy al reeds dat oom Scholtzie met die Nagmaal gesê het die Here God het hulle gemaak om Hom te soek, Hy is nie ver van enigeen van ons nie;
- As hy huis toe stap en op sy boot gaan sit, wonder hy wat van die vrou wat dood is se siel geword het. (Whitey het gesê almal wat sterf laat iemand agter wat wonder wat van sy siel geword het.)
- Nanna wat nog nooit iemand gesien sterf het nie
- Die boodskap wat Grace vir hom gebring het: "Die ouman sê die prys van die weddenskap is 10 bokke en 'n kind."
- Hy dink aan die betekenis van Tibelelo se naam.
- Mnr. Kebbey wat met haar wil trou.
- Iemand anders het ook vir Manaka se konsessie aansoek gedoen.
- Vroegoggend dink hy aan Riekert se woorde dat hy nie moet skuldig voel oor wie hy vernoem nie : Zambezi Grace.

2. Daarmee gee hy erkenning aan die feit dat Baas Chipman se krag groter as sy eie is.

3. Hy dink Baas vernoem die boot na Grace.

4. Sy besef hy is te goedhartig en daarom 'n swak sakeman. Sy weet hy sit in 'n finansiële verknorsing.

5. Hy jag elke maand 'n bok vir die khuta.

6.
- hy bid vir die mense wat nog nie glo nie
- dankie vir Ouma Essie se groot werk onder hul mense
- dankie vir die mense wat die Here van so ver af Manaka toe gestuur het

7. Dit is die lied wat Grace gesing het toe hy Briekwa begrawe het.

(Die vrae op bl. 263 konsentreer hoofsaaklik op die verskil in tradisionele gebruike en die christelike geloof. Dit kan jou loon om die antwoorde op die vrae ook deeglik te bestudeer.)

**HOOFSTUK 19** (bl. 201-212)

1.
- jou reg om ‘n Christen te wees maak van jou ‘n Christen
- hy moet Rom. 10 v. 20 en verse 9 en 10 gaan lees.
- sy vra hom of hy die Bybel glo.

2. Hy begin stelselmatig wonder of sy nie reg is nie; of hy nie werklik met sy droom om ‘n boot op die Zambezi te besit, Manaka toe gestuur is met ‘n doel nie.

3. Sy neem die versorging van die honde op haar, die verkope van die vleis, sy leer biltong maak (by Ouma Essie en by Baas), sy neem vir Baas met haar mukolo oor die rivier om anderkant te gaan rietbokke skiet, sy verruil hoenders vir vleis, die mieliehok word al hoe voller en haar stampblok staan al op Manaka. Haar ruilhandel vir die vleis sorg dus dat dit welvarender met Baas begin gaan.

4. Sy tolk Griesel se woorde met praktiese voorbeelde uit die mense se lewe bv. As hy sê hulle moet nie sonde doen nie, sê sy hulle moet ophou graanbier drink en ophou om muloi te laat kom as iemand siek is.

5. Deur onafgehandelde sake uit die verlede reg te stel, suiwer hy nie net sy oupagrootjie se naam nie, maar hy sluit die era af en kan dus met sy eie era begin. Mnr. Johnnie se skuld word vir hom simbolies van sy oupagrootjie se skuld, juis omdat dit so dieselfde is.

6. Hulle kom na die diens om iets te ontvang: vleis.

7. In al die uitbeeldings van die duiwel is hy swart. Hy wonder dus of swartmense die duiwel is.

8. Dit is dieselfde man wat deur sy skoonfamilie gestuur is om sy vrou en kind te kom haal.

9. Hy was goed genoeg om namens hulle op te tree in die saak oor mnr. Johnnie se vrou en kind, maar nou dat hy vir hulle om hulp vra, jaag hulle hom weg.

10. Whitey sê hy het dit moontlik by Riekert gekry.

11. Indien hy met haar trou sal sy aansien in die Mulambwa-familie hoër wees en sy kanse om die nuwe hoofindoena te word versterk. Dit gaan dus nie om Grace se welvaart nie. Alles draai net om homself.

12.1 ‘n kabeldraad waaraan vleis opgehang is
12.2 Dit was sy oupagrootjie se naam wat daarop uitgekerf was, wat die riwwe veroorsaak het.

13. Amper soos die gedagte in die gedig: Besoekersboek om te sê: ek as hier. Hy verewig sy oupagrootjie se naam weer as die stigter van Manaka en kerf sy eie naam uit as aanduiding van ‘n nuwe era wat begin.

14. Hy sweet vreeslik as hy die goed in die bakkie laai.

(Op bl. 263 word veral die vraag oor die simboliek van die horings op Manaka gevra en bespreek.)

**HOOFSTUK 20** (bl.213-221)

1. Iemand het by sy werkswinkel ingebreek en die diesel gesteel.

2. Dit is gebruik om die kerk af te brand.

3. Die houer waarin die spykers was, is gebruik om die diesel in te gooi.

4. Sy het nie die vorige nag by Ouma Essie se hut geslaap nie.

5. Grace het Manaka toe geloop om vir Baas Chipman te kom vertel dat die Hoofindoena se stoel omgekeer is en dat die nuwe hoofindoena ingehuldig gaan word. Eintlik het sy gevoel daar is niemand by Mubuyu wat haar teen mnr. Kebbey en mnr. Daaimon en mnr. Mosko kan beskerm nie. Daarom het sy Manaka toe gekom.

6. Riekert wil die Zambezi Joy kom koop aangesien die khuta die konsessie gekanselleer het volgens mnr. Kebbey.

7. Dit was betaling vir die kere dat hy Ngweze toe moes ry om Ouma Essie se pensioen te gaan haal en vir die vervoer van die siek man (Baas Chipman) na die hospitaal toe. Verder het hy ook vir Baas probeer help deur ‘n vennootskap met hom te wil aangaan vir die toerisme-besigheid op die Zambezi.

8. Dat sy snags by Baas Chipman kom wegkruip.

9. Hy behandel swart mense met minagting. Aan die een kant beweer hy almal lyk eenders, maar toe hy by Ouma Essie vir ‘n week lank moes bly, het hy vir Grace vertel

hoe hy haar begeer, hoe mooi sy is en Ouma Essie moes haar te hulp snel toe Riekert haar op die vloer vasgedruk het, want “sy is net ‘n meid”.

10. Vir diamantsmokkelary, omkopery by die grenspos.

11. Hy sê die rol note wat Riekert by hom het, behoort aan hom en die inspekteur sê hy moet dit in die hof kom verduidelik waar hy aan so baie geld kom.

12. Mnr. Chisupo.

13. Die nuwe hoofindoena word eers in ‘n hut weggesteek voordat hy aan die mense bekendgestel word.

14. In die veld, want sy was bang dat haar mense haar eerste in Baas Chipman se slaaphut sal kom soek.

15. Hy sal by Whitey gaan slaap en sy honde sal haar daar by Manaka beskerm

.

(Die vrae op bl. 263 fokus veral op mnr. Riekert as deurtrapte skelm.)

**HOOFSTUK 21** (bl. 222-230)

1. Whitey bring vir Baas plankies om die houtbankies onder die worsboom te herstel. Whitey kom wys vir Baas sy agtponder-geweer van hul oupagrootjie wat blykbaar baie buffels en ook ‘n paar olifante platgetrek het.
   Baas en Whitey praat oor die vraag of hul oupagrootjie voor Manaka se tyd al ‘n Christen was.
   Baas gee aan Whitey hulle oupagrootjie se Bybel (wnt hy het mos sy ma se Bybel by hom, wat hy terloops aanvanklik nie wou saambring nie; sy niggie Mart het dit stilletjies ingepak. ) Let op: die feit dat hy die ou Bybel aan Whitey gee is nogal ‘n dramatiese oomblik, want tot op daardie stadium was dit een van Baas se kosbaarste besittings, iets wat hy oorgehad het van sy oupagrootjie.)
   Baas wys ook die inskripsie voor in die Bybel van Dennis Chipman se ouers in 1870. (Dit is asof Baas aanvaar dat Whitey, soos hy, soveel moontlik sal wil weet van hul oupagrootjie.

2. Die agtponder-geweer wat baie buffels en selfs olifante platgetrek het in hul oupagrootjie se tyd.

3. Hulle ruil inligting uit: Baas Chipman weet hul oupagrootjie was 29 jaar in Barotseland, Whitey ken die verhaal van die Twelve O’clock Canal, Whitey se oupa het die riwwe wat die oupagrootjie se naam op die worsboom gemaak het, ontdek. Hulle albei wonder oor wanneer hy ‘n christen geword het, ens.

4. Mnr. Kebbey wil Baas forseer om ‘n vennootskap met hom aan te gaan of anders die konsessie vir die pontboot-besigheid vir iemand anders te gee, en hy skep die indruk dat hy die nuwe hoofindoena is.

Aan Whitey sê hy dat hy die houtkonsessie aan Riekert gaan gee as hy nie 'n groot bedrag geld aan Kebbey gee nie.
By albei skep hy die indruk dat hy die nuwe hoofindoena is.

5. Die troepe wat die landmyn gestel het wat haar ouers se dood veroorsaak het, is deur die Zambiese soldate agtervolg tot waar hul oor die Namibiese grens gevlug het. Dit was Suid-Afrikaanse soldate.

6. Hy het mos nog sy eie ma se Bybel en hy voel aan dat Whitey 'n behoefte aan nadere kontak met hul oupagrootjie het. Ook behoefte aan 'n Bybel.

7. Om 'n Bybel aan iemand te gee, is om te erken dat jy 'n Christen is en daarmee sendingwerk te doen. Dit is 'n belangrike stap in Baas se selferkenning oor sy eie Christen-wees en geloof.

8. Die Christelike kerk is in stryd met alles waarvoor mnr. Chisupo staan, sy toordery en sy mag oor die mense. Deur die kerk af te brand en die Du Pisani's te verdryf, kan hy weer sy eie mag herwin.

9. Hulle verlaat Manaka. Griesel du Pisani besef dat hy nie in die regte beroep is nie.

10. Hy is afgesonder in die hut voordat hy as die nuwe hoofindoena bekendgestel gaan word.

11. Sy en Ouma Essie het hom ook verjaag en mense teen hom gewaarsku oor die toorkrag waarmee hy mense gemanipuleer het. Met hierdie woorde gee sy erkenning aan die feit dat hy dalk net 'n eensame man was en daarom met soveel woede jeens die mense gereageer het.

12. Omgee maak van 'n mens 'n Christen en die weet waar jy heengaan, hier en in die lewe hierna.

13. Sy boot is weg. Die ankertoue is afgekap. (Let op hoe mnr. Chisupo in sy finale wraak juis dit wat belangrik is vir die witmense, van hulle ontneem het.)

(Ekstra vrae oor die hoofstuk op bl. 264)

**HOOFSTUK 22** (bl. 231-235)

1. Die honde het mnr. Chisupo naby die waterval gekry. Dalk is dit omdat die boot daar iewers is.

2. Hulle weet dit gaan vir albei 'n verskriklike skok wees en hulle wil dit vir hulle makliker maak.

3. In die brief skryf hy dat reisagente mal is oor sy idee van 'n toerboot op die Zambezi. Hulle beplan 'n wêreldwye bemarking. MAAR sy boot is weg!

4. Noudat die kerk afgebrand is en die sendelinge weer huis toe gaan, bly net Baas Chipman oor om met die werk voort te gaan.

5. Hy is in die hospitaal opgeneem met malaria.

6. Whitey dink dit is 'n familiekwaal dat hulle altyd ander mense in nood wil help. Baas wonder of dit is hoe die Here hom gebruik het: hy dink bv. aan Manuel se siek kind.

7 Sy bring 'n vleismeul en 'n worsstopper vir hom

8. Sy sê sy het na hom verlang, maar nie soos na 'n broer nie; hy stel egter nie belang nie en sy ry weg.

(Die hoofstuk bring ook die afskeid van die Du Pisani's van Manaka. Ook die vraag op bl. 264 handel hieroor.)

**HOOFSTUK 23** (bl. 236-246)

1. Dit is 'n prys wat hy alleen wil betaal. Daarmee saam 'n era wat hy alleen wil afsluit.

2. Deur mnr. Johnnie se vrou en kind terug te koop, voel dit vir hom of hy ook sy oupagrootjie se skuld van sy vrou en kind afbetaal en daarmee die episode van Baas Dennis Chipman afsluit.

3. Ouma Essie bring vir hom 'n jong reuntjie met die kenmerke van 'n Ierse terriër, blykbaar 'n afstammeling van Brindle wat soms op Mubuyu gaan kuier het.

4. Ouma Essie en Grace is uit die kerkgebou verskuif na 'n eenvoudige hut sodat die khuta die geboue op Manaka kan uitverhuut.

5. Mnr. Jos; hy sal weer vir Ouma Essie en Grace met die nodige respek behandel, want hy is Ouma Essie se kleinseun..

6. Sy betaal hom die geld terug vir die klere wat sy gekoop het toe hy in die hospitaal was.

7. Ouma Essie het hom daarop gewys dat die Here die droom in hom geplant het sodat hy Manaka toe moet kom. Hy wonder of sy nie reg het nie. Veral noudat die sendelingpaar weggaan en hy oorbly, wonder hy of dit nie sy roeping is nie. Hy lees meer en meer in sy ma se Bybel op soek na antwoorde.

8. Hy word half in die gebed geforseer. Dit is interessant dat ons tot op hierdie stadium nog geen aanduidings gehad het dat hy bid nie. Mnr. Jos sê net: " Mnr. Baas kan vir ons bid", en hy gehoorsaam. Sy gebed sê eintlik so min en tog so baie: Dankie. (en elkeen wat teenwoordig is,kan sy eie inhoud daaraan gee.)
   Dit kan geïnterpreteer word as ‘n dankie dat hy Manaka toe gekom het, dankie dat hy ‘ n roeping het, dankie vir Ouma Essie se lewe en werk, ens. ens. Ook die feit d dat hy net voor haar dood muluti Joseph se lyfband aan haar teruggee (hy het dit nie meer nodig nie) kan simbolies gesien word dat hy sy eie rol in Manaka gaan vervul; hy gaan nie ‘n tweede muluti Joseph word nie.

9. Whitey het ‘n droom gehad oor waar die boot is. Hulle vind hom dan in die Twelve O'Clock Canal. Dit kan selfs as ‘n aanduiding gesien word dat die Here op dié manier ook die pad vir hom oopmaak vir ‘n toeriste-besigheid noudat hy Hom erken.

10. Daarmee word die skeiding tussen hulle as wit en swart, as man teenoor vrou wat meerderwaardig is, afgebreek. Daarmee sê hy aan haar hulle is gelykes.

11. Die ooreenkoms met sy oupagrootjie en sy Lozi-vrou, ook Tibelelo genoem, wat volgens Whitey ook agter mekaar in ‘n olifantpad afgeloop het word duidelik hier opgemerk. Sy oupagrootjie en die Lozi-vrou was op pad om te gaan trou, Baas en Grace soek hier na die boot wat weg is; die moontlikheid dat die suggestie hierin opgesluit is van hulle twee wat ook in die toekoms ‘n pad saam gaan loop, is baie waarskynlik. Die olifantpad word dan simbool van die lewenspad saam.

12. Aanvanklik was Baas die naam wat die swartmense vir Dennis Chipman gegee het, bloot omdat hy wit was. Dit was hoe witmense daardie tyd bekend gestaan het in ‘n tyd toe die witmense as meerderwaardig bo die swartmense beskou is. Die naam het sy betekenis verloor in Baas Dennis-hulle se familie, want die volgende geslag se seuntjies is met die naam Baas geregistreer, ‘n erkenning van die naam wat hulle oupagrootjie gehad het, en in die sin was die Baas nie noodwendig ‘n aanduiding van verhewenheid nie. In Barotseland sê Baas Chipman sy naam is Baas bloot as ‘n eienaam, nie as ‘n aanspreekvorm nie. En as hy in die slot vir Grace sê sy moet hom nie verder as mnr. Baas aanspreek "Meneer" vir hom die afstandsaanspreekvorm geword het, nie meer Baas nie.

(Die vrae oor die hoofstuk op bl. 264-265 is belangrik!)

**EKSTRA VRAE:**

1. Watter **soort verteller** kry ons in die roman?

Alomteenwoordige derdepersoonsverteller.

2. Wat is die voordeel van hierdie tipe verteller in so ‘n roman?

Hy is nie gebonde aan tyd en plek nie en kan dus gedagtes weergee asook verskillende gebeurtenisse wat tegelykertyd plaasvind.

3. Verduidelik kortliks die **plot of intrige** van hierdie roman.

Kyk op bl. 248 agterin Manaka.

4. Omskryf die volgende **karakters** se persoonlikhede volgens hoe hulle optree en praat kortliks in ‘n paar woorde:
   a. Baas Chipman - bv. goedhartigheid, soekend na homself
   b. Whitey - goedhartigheid
   c. Grace - kinderlik-gelowig
   d. Ouma Essie - gelowig, onverskrokke om Woord uit te dra
   e. Riekert - rassisties, skelm, ens.
   f. Kebbey - inhalig, eersugtig, uitbuitend, ens.
   g. Ds. Griesel du Pisani - wetties, afsydig, dalk hoogmoedig?ens.
   h. Nanna du Pisani - mensliewend, goedhartig, aanpasbaar, ens.

5. Op watter maniere kan karakters uitgebeeld word in ‘n roman?

Deur hul optrede, woorde, lyftaal, wat ander karakters van hul sê, hoe die verteller hul uitbeeld, hul gedagtes, hul uiterlike, ens.

6. Beskryf kortliks die **karakterontwikkeling** wat plaasgevind het by:
   a. Baas Chipman

   Aanvanklik leef hy slegs vir homself, hy stel nie belang om by ander betrokke te raak nie (veral na sy ouers se dood). Stelselmatig begin hy mense uit die gemeenskap help, raak hy betrokke by hulle, begin hy wonder wat sy doel daar in Manaka is, wat sy identiteit is, ens.

   b. Ds. Griesel du Pisani

   As hy na Manaka toe kom, is hy vol van homself, vol van sy eie ideaal om ‘n sendeling te wees en wat hy alles daar gaan regkry, so vol van homself dat hy selfs by Baas se slaaphut inbreek omdat hy dink dit is sy reg as sendeling. Stelselmatig besef hy dat hy nie geroep is om ‘n sendeling te wees nie, dat hy nie inpas nie.

7. Volgens Whitey moet die **ruimte** waarbinne hulle hul bevind ‘n uitwerking op hulle as mens hê. Watter uitwerking het dit moontlik op hul oupagrootjie gehad?

Hulle wonder of hul oupagrootjie reeds ‘n Christen was toe hy na Manaka toe gekom het en of die ruimte van hom ‘n Christen gemaak het, want, sê Whitey, die ruimte is erg genoeg om van enigeen ‘n Christen te maak.

8. Formuleer kortliks ‘n moontlike **tema** vir die roman.

Hier is verskillende moontlikhede: die tema van UBUNTU, betrokkenheid by die gemeenskap; die tema van wat maak van jou ‘n Christen?; die tema van die onderlinge

verhouding tussen mens en natuur; die tema van die bose versus die goeie, Christenskap versus die bose, ens.

9. Wat is die **vertelde tyd** van die verhaal?
239 bladsye

10. Wat is die **verteltyd** van die verhaal?
Vandat Baas Chipman na Manaka gaan, m.a.w. vanaf 1992. Dus omtrent drie jaar.

11. Watter **uiterlike konflik** vind ons in die roman?
Hier is verskeie vorme van uiterlike konflik: Baas teenoor die sendelinge wat sy ruimte inneem, Baas teenoor die khuta aan die een kant en die gemeenskap aan die ander kant, wat net meer en meer wil eis; ens.

12. Van watter **innerlike konflik** is hier sprake by die hoofkarakter?
Baas se soeke na 'n eie identiteit, sy doel op Manaka, sy eie geestelike oriëntasie, ens.

13. Omskryf kortliks die **afloop** van die roman.
Mnr. Chisupo brand die kerk af en Baas se boot verdwyn. Die sendelinge verlaat Manaka. Baas maak vrede met sy rol in Manaka en aanvaar selfs die boumateriaal vir die nuwe kerk. Hy bid sy eerste gebed by Ouma Essie se siekbed. Whitey vind die boot. Baas en Grace loop saam weg om die boot te gaan haal – 'n suggestie dat hulle lewenspad ook een word.

**4. Bronnelys**

Cilliers, C. 2006. *Onthou Pieterse vir vroeë werk*. In: Volksblad, 13 Februarie.
Coetzee, M. 2005. *Pieter se laaste present*. In: Insig, 30 April.
Meihuizen, E. 2006. Resensie van Manaka: Plek van die Horings. Tydskrif vir Letterkunde 43(2): 224-225.
Meyer, S. 2006. *Riviere as identiteitskonstrueerders*. In Literator, 27:3 Desember:51-77.
Pieterse, P. 2005. Manaka: Plek van die Horings. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
Wikipedia.